# DIREK OF INDIREK - 'N ANTWOORD OP H. M. KUITERT SE SIENING VAN SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

H. G. Stoker, Dienspligkapelaan, Gereformeerde Kerk, Voortrekkerhoogte, Pretoria

## ABSTRACT

An analysis is provided of H M Kuitert's view of a call on Scripture in Ethics. This is effected by the author's analysis and synthesis of the view of Kuitert. In Kuitert's view man, together with his capabilities, is considered so highly that man becomes the norm of the moral. This anthropocentric ethics is in conflict with the traditional Refored view, viz. that Ethics should be theocentric. The author concentrates on Kuitert's argumentation in his work Het Schriftberoep in de Ethiek. In this article the view is taken that the Bible is the Word of God and that the authors of the Bible were inspired by the Holy Spirit in an organic manner. It is also argued that Holy Scripture as the Word of God cannot contradict itself, and that the seeming contradictions exist as a result of the sin-induced corruption of the mind of the exegete/hermeneut. In opposition to Kuitert's view, guidelines are offered for Scripturally valid calls on Scripture in Ethics.

## 1. INLEIDING

### 1.1 ONDERWERP VAN ONDERSOEK

Soos uit die titel blyk, is die onderwerp van ondersoek 'n evaluering van H.M. Kuitert se siening van 'n beroep op die Skrif in die etiek. Hiervoor is dit nodig om kortliks stil te staan by wie Kuitert is en by wat onder die term 'Skrifberoep in die etiek' verstaan moet word.

H.M. Kuitert is 'n Nederlander van geboorte (1924). Nadat hy sy teologiese studies aan die Vrije Universiteit van Amsterdam voltooi het, was hy vanaf 1950 vir vyftien jaar predikant in Nederland. In 1962 promoveer hy aan die Vrije Universiteit met G.C. Berkhouwer as promo-

tor. Vanaf 1965 is hy verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Vrije Universiteit, waar hy in 1967 aangestel word as professor in etiek.

Wat Kuitert se denke betref, wys De Bruyn (1977:15) daarop dat Kuitert oor verskeie sake standpunt inneem wat duidelik verskil van wat tradisioneel in die Gereformeerde teologie aanvaar is. Daarby kry ons by Kuitert so 'n hoogskatting van die mens en sy moontlikhede (Velema, 1971:162) dat die mens die norm van die moraal word (Douma, 1972:40). Dit maak dat Kuitert se 'antroposentriese' etiek in konfrontasie staan met die tradisionele gereformeerde siening dat die etiek 'teosentries' moet wees (De Bruyn, 1977:17). Vandaar dat Kuitert hom nie direk op die Skrif as "suprema iudex controversiarum" vir die etiek kan beroep nie, maar die taak aan die mens (kerk) gee om die Bybel te 'ontsosialiseer' (Kuitert, 1970:87). Sodoende is God se wil nie meer die gesagvolle maatstaf vir die beoordeling van die mens se lewe nie, maar wel die mens se subjektiwistiese ervaring en insigte van God, sy Woord en die situasie vandag.

Schulze (1981:93) wys daarop dat Kuitert met behulp van kategorieë van die logiese positivisme teologie beoefen. In die verband verwys Schulze na die werk van Kuitert 'Wat heet geloven' (1977) waar Kuitert klem lê op die belang van die mondigheid van die mens. Wanneer die mens bloot glo op grond van gesag van buite af, bly hy onmondig (Kuitert, 1977:15). Hy sien dan die Bybel as bloot die eerste getuie van die Christelike soekontwerp, wat dus geen maatstaf is of normatiewe gesag het nie. Daarom kan die Bybelse gebooie hoogstens voorbeelde, of etiese modelle wees vir hoe ons ons lewens kan inrig (Kuitert, 1970:85). Dit is dan juis volgens Schulze (1981:100) 'n kenmerk van die logiese positivisme dat die besondere openbaring in die algemene openbaring opgelos word.

Wat die terme "Skrifberoep" en "etiek" betref, die volgende:

- Onder etiek word saam met Heyns (1982:8) verstaan "alle handelinge wat die persoon van die mens op die een of ander wyse, direk of indirek, eksplisiet of implisiet, in positiewe of in negatiewe sin raak". Heyns sien dan kort gestel die etiese as "persoonsbehandeling". In die verband sluit Heyns by Stoker aan (1967:251), wat die etiese as 'persoonsbehartiging' (dit wil sê die behartiging van persoon tot

persoon) sien.[1] Stoker omskryf dit soos volg (1967:250): "Ons vind die sedelike in die menslike persoon, in sy 'hart', in sy gesindheid, in sy gedrag, soos dit in die verhouding van menslike persoon tot menslike persoon tot manifestasie kom."

- Wat die term "Skrifberoep" betref, stel Jonker (Ongedateerd b:1) dat dit dui op "die beroep ... op die Bybel as suprema iudex controversiarum". Verder stel hy dat vir die etiek die term 'Skrifberoep' meer van toepassing is as die term 'Skrifbewys'.

  Buys (Ongedateerd:1) sluit in sy denke aan by die van Jonker. Hy stel dat terwyl in die dogmatiek by voorkeur van 'Skrifbewys' gepraat word, die term 'Skrifberoep' meer geskik vir die etiek is. Hy gee dan as rede vir die onderskeid aan dat terwyl in die dogmatiek 'n waarheid onverswak te alle tye geld, in die etiek daarenteen die situasie 'n pertinente rol speel: "'n Bybelse situasie waarin 'n sekere daad as goed bestempel kon word, herhaal hom nooit weer presies so nie. Dieselfde daad wat in die Bybel onder bepaalde omstandighede as goed beskrywe kon word, kan dus nie in huidige omstandighede noodwendig as goed deurgaan nie."

- Kuitert (1970:63) stel dat wanneer hy van 'Skrifberoep' praat, bedoel hy om die praktyk onder oë te sien dat Christene hulle ten opsigte van vrae uit die alledaagse lewe, hulle op die Bybel beroep om antwoorde te gee. Verder verstaan hy onder 'Skrifberoep' 'n beroep van die sondaar op Gods beloftes soos wat dit deur die Skrifte tot ons kom. Hierby behels die Skrifberoep in die etiek deur die eeue volgens Kuitert ook 'n materiële regverdiging van die Christelike handele, naamlik in soverre die 'Skrifberoep' daarvoor dien om hierdie

---

[1] Die term 'persoonsbehartiging' omvat volgens die skrywer meer as die term 'persoonsbehandeling', want dit gaan in die etiek nie net om hoe mense mekaar behandel nie (nie net om menslike gedrag nie), maar juis ook om die hartsgesindheid waaruit hierdie handeling voortspruit.

handelinge te legitimeer as handelinge volgens die aanwysing van die Bybel.

- Wat etiek betref, stel Kuitert (1981c:11,12) dat moraal vir hom riglyne is oor wat ons ons medemens mag of nie mag aandoen nie. Etiek is dan 'n besinning wat ten doel het om tot ooreenstemming te kom oor hierdie morele riglyne. Etiek is "een rationele onderneming van redelijke mensen die hun discussie over wat mag en niet mag natuurlijk voeren vanuit hun eigen geestelijke achtergrond maar met al.s doel: regels vinden waarmee iedereen instemt." Kuitert vind dus nie die diepste begronding vir sy etiek in die Bybel of sy 'eie geestelike agtergrond' nie, maar in 'n konsensus tussen 'redelike mense'. Die mens se verstand is hier die hoogste norm.

## 1.2 AKTUALITEIT VAN ONDERWERP

Etiek staan vandag in die branding. As na die hedendaagse artikels en debatte gekyk word, is dit duidelik dat dogmatiese strydvrae nie meer so sterk in die sentrum staan nie, maar dat die strydveld verskuif het na die van die etiese. Kerke en teoloë wat dogmaties op vele terreine van mekaar verskil, werk ten nouste saam ten opsigte van etiese problematieke.[2] Daarenteen word kerke en persone wat leerstellig sterk ooreenstem, deur etiese kwessies uit mekaar gedryf.[3]

Ten opsigte van die "verskuiwing van die dogmatiese na die etiese" stel J.A. Heyns (1982:3) "dat die etiek tans 'n krisis belewe so groot as wat

---

[2] Vergelyk byvoorbeeld die samewerking in die Wêreldraad van Kerke, die S.A. Raad van Kerke, die samewerking ten opsigte van die sogenaamde Kairos-dokument, en 'versoeningsaksies' in Suid-Afrika.

[3] Soos byvoorbeeld die lede van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode oor etiese sake soos menseregte, homoseksualisme, aborsie, pasifisme en burgerlike ongehoorsaamheid.

dit na alle waarskynlikheid nog nooit tevore was nie - en dáárom juis nóu aandag moet kry, so dringend en so toegewyd as nog nooit tevore nie." Hy stel verder dat leer en lewe vandag los van mekaar gemaak word. Die uniekheid van die Bybelse boodskap word vervang deur 'n sinkretisme van 'n Christelike en Humanistiese etiek. Daarby word tradisionele Christelike norme en waardes vandag nie net ernstig bevraagteken nie, maar meestal ook radikaal omgekeer. In die sin is dit belangrik om te kyk wat ingebring word teen die tradisionele gereformeerde teologie (waaronder etiek) se Skrifgebruik (waaronder Skrifberoep).

As bogenoemde in ag geneem word, dan kom die aktualiteit van die onderwerp onmiddellik voor die oog. Saam met die etiek is sy finale grond waarop hy hom kan beroep, die Skrif, vandag in die teologiese branding. Terwyl vroeër in die kerk se geskiedenis by die meeste leerstellige strydpunte die Skrif as hoogste gesag en finale arbiter deur beide strydende partye aanvaar is (hoewel hul eksegese van sekere Bybelgedeeltes verskil het), gaan die stryd vandag oor die gesag van die Skrif as sodanig as finale arbiter. Jonker (Ongedateerd b:1) merk dan heeltemal tereg op dat "die reg van die Skrifberoep in die etiek" vandag "van verskillende kante bevraagteken of ten minste gerelativeer" word. As vernaamste gestaltes hiervan noem hy: "(a) die problematisering van die protestantse Skrifbeginsel; (b) die beklemtoning van die historiese karakter van die Skrif; (c) die afkeer van alle vorme van kasuïstiek; (d) die aanvaarding van buite-bybelse bronne vir die kennis van die sedelike normatiwiteit." In die verband is juis die gedagtes van Kuitert aktueel en invloedryk. Soos De Bruyn (1977:19) dit stel: "Dit is bykans onmoontlik om vandag op wetenskaplike wyse enige onderwerp in die Gereformeerde etiek behoorlik te bestudeer sonder om ook kennis te neem van Kuitert se siening daaroor."

## 1.3 BEGRENSING VAN ONDERSOEK

Dit is uit die aard van die saak nie moontlik om in die beperkte omvang van hierdie artikel in besonderhede in te gaan op die agtergrond en inhoud van Kuitert se denke nie. In lyn met die tema van hierdie artikel sal gekonsentreer word op Kuitert se argumentasie in sy werk, 'Het

Schriftberoep in de ethiek'. Die beperkte omvang van die artikel maak dit onmoontlik om diepte eksegese te doen van die verskillende Skriftekste wat Kuitert aanvoer om sy standpunte te bewys. Hieraan sal egter wel oorsigtelik aandag gegee word waar dit nodig blyk.

In hierdie studie word verder daarvan uitgegaan dat die Bybel die Woord van God is, en dat die Bybelskrywers op organiese wyse deur die Heilige Gees geïnspireer is. Hierop sal dus nie verder ingegaan word of oor geargumenteer word nie. Hierby word ook uitgegaan daarvan dat die Heilige Skrif as Woord van God homself nie kan weerspreek nie, en dat skynbare teenstrydighede bestaan as gevolg van die sonde-verduistertheid van die eksegeet/hermeneut se verstand. Hermeneutiese kwessies sal net aangeraak word in soverre dit die onderwerp en die argumentasie daaromheen dien.

## 1.4 WERKPLAN

Eers word 'n eie analise en sintese van Kuitert se siening oor Skrifberoep in die etiek gemaak; waartydens veral (maar nie uitsluitend nie) gekonsentreer word op sy artikel met dieselfde titel (Het Schriftberoep in de ethiek) wat in sy bundel 'Anders gezegd' verskyn het (1970:63-87). Hieruit en hierteenoor sal dan apologeties-hermeneuties gepoog word om riglyne te gee vir 'n Skrifgetroue wyse van Skrifberoep in die etiek.

## 2. UITEENSETTING

In sy werk 'Verstaat gij wat gij leest' (1969:8) stel Kuitert dat hoewel die Bybel die Woord van God genoem kan word, dit nie beteken dat alles wat in die Bybel as gebod van God staan deur ons gehoorsaam behoort te word nie. Hy stel dan dat daar talle gebooie in die Bybel is (sabbatsgebod, die verbod op die eet van bloed, ensovoorts) wat geen enkele Christen meer hou nie.

In sy artikel wat handel oor Skrifberoep in die etiek (1970:63-87) gee Kuitert 'n aantal argumente wat volgens hom sou inhou dat 'n direkte beroep op die Skrif vir die etiek nie moontlik is nie.

## 2.1 ARGUMENTE TEEN 'n DIREKTE SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

In genoemde artikel getiteld, "Het Schriftberoep in de Ethiek", stel Kuitert tereg dat dit tipies is van die reformatoriese tradisie om van 'n beroep op die Skrif te praat in die sin dat die Bybel ten opsigte van enige etiese-dogmatiese problematiek gesagvol geld as die 'suprema iudex controversiarum'. Juis hierin verskil die reformasie van die Roomskatolisisme wat die kerk en sy leergesag sien as die hoogste appelhof. Maar juis "deze traditionele positiekeuze (van die reformasie - H.G.S.) is intussen aanvechtbaar geworden" (Kuitert, 1970:64,65).

Kuitert wil dan in sy artikel aantoon dat die reformasie met hulle keuse vir die Skrif as hoogste gesag in enige geskil, nie daarin kon slaag om los te kom van die kerk se siening en uitleg van die Skrif nie. Die eksegese van die reformatoriese tradisie is net soos die van Rome van 'n sekere kerlike hoek gesien. "Aan reformatorische zijde breekt meer en meer de visie door dat men de Schrift als iudex niet kan losmaken van een uitleggende kerk, en dat hieraan bepaalde consequenties verbonden zijn voor het beroep op de Schrift in etische aangelegenheden" (1970:66). In die sin stel Kuitert dat hy deur die betrokke artikel wil meehelp tot 'n verheldering van die vraag hoe die verhouding tussen die Skrif en kerk gesien moet word.

In die res van sy artikel werk Kuitert dan bogenoemde probleemstelling verder uit. Hy begin eers deur die waarheid van sy stelling dat Skrifberoep en kerklike eksegetiese tradisie nie van mekaar losmaakbaar is nie, en dat die Skrif dus nie werklik as 'suprema iudex controversiarum' in die etiek kan geld nie, te bewys. Die argumente wat gebruik word, sal vervolgens onder eie opskrifte saamgegroepeer word:

### 2.1.1 DIE VERSKIL VAN HANDELINGE EN SITUASIE IN BYBELSE TYD EN VANDAG

In genoemde artikel ('Het Schriftberoep in de Ethiek'), wys Kuitert op "de onmogelijkheid van een regelrecht Schriftberoep in traditionele zin", want: "Wij doen het vandaag anders dan de bijbel voorschrijft en in de bijbel doet men het anders dan wij vandaag voor geboden houden." (1970:69).[4] Hy gee dan verskeie voorbeelde van wat volgens hom in die Bybelse tyd normatief was, maar wat vandag nie in die Christelike etiek geld nie: "Er zijn n.l. talloze voorbeelden te geven waaruit blijkt dat wij heel anders handelen, ook in ethisch opzicht, dan het Godsvolk onder het Oude Verbond of de eerste christelijke gemeenten uit de tijd van het Nieuwe Testament" (1970:67).

Kuitert stel dat Christene vandag nie net dinge wat in die Bybelse tyd vanselfsprekend was, doen nie, maar dat juis die doen van dit wat in die Bybelse tyd as aanvaarde norm gegeld het, in die Christelike gemeente vandag opspraak sou verwek. As voorbeeld hiervan verwys Kuitert dan na huwelikswetgewing ("die door het Oude en Nieuwe Testament verondersteld wordt" - 1970:67), wat as dit vandag onderhou sou word, selfs kon veroorsaak dat die onderhouer deur die Christelike kerk onder sensuur geplaas kan word; asook, meer breër, na die Bybelse siening van die man-vrou-verhouding:

- Nm.5 - Die ritueel word (eensydig) op die vrou toegepas en nie ook op die man nie.

---

[4] Die standpunt van die deputate Kerk en Theologie van die Gereformeerde kerken in Nederland (1982:24) kom sterk met die van Kuitert ooreen as hulle stel: "Het is onverantwoord zich voor zijn morele opvattingen louter en alleen te beroepen op het feit dat iets in de Bijbel staat." Hulle verduidelik dan hierdie standpunt aan die hand van die gebod dat diegene wat homoseksualisme bedryf, doodgemaak moet word (Lev. 20:13). Vandag eis niemand meer doodstraf op homoseksualiteit nie, wat beteken dat die Christendom hulle streng genome nie aan hierdie gebod hou nie. •

- Jh.8:1-11 - Skynbaar word nie aan die skuld van die man gedink nie.

- 1 Tm.2:15 - Die heilsweg is vir die vrou om kinders voort te bring.

- 1 Kor.11:3,7ev. - Die man het 'n direkte verhouding tot God, maar die vrou 'n indirekte (deur die man).

Op grond van hierdie verse kom Kuitert (1970:68) dan tot die gevolgtrekking dat: "Hoe kras het ook mag klinken: wij zouden vandaag onmogelijk zo met onze vrouwen kunnen omgaan als toentertijd door God aan Israël is geboden." Hoewel die argument aangevoer kan word dat die vroue deur hierdie wetgewing van iets ergers gevrywaar is, verander dit nie, volgens Kuitert, aan die hulle lyde onder die (God se - HGS) wetlike reëling van ondergeskiktheid aan die man nie. Deur God se wetgewing is dus aan die vrou lyding besorg en van haar 'n tweedeklas burger gemaak.

'n Verdere voorbeeld waarmee Kuitert sy stelling wil bewys is die etiese probleem van slawerny (1970:70,71). Terwyl die samelewing vandag slawerny tereg as weersinswekkend beskou en lank reeds afgeskaf het, gee die Nuwe Testament (om van die Ou Testament nie te praat nie) nie net aanwysings hoe met slawe gehandel moes word nie, maar beveel die Skrif selfs slawe om hulle base te gehoorsaam! Kuitert stel dan dat die huidige Skrifberoep om deelname aan oorlog goed te keur, eendag soos slawerny tans, as onsinnig beskou sal word.

As verdere voorbeelde noem Kuitert die agrariese wetgewing van Israel, soos die sabbats- of jubeljaar, of die eet van bloed (vergelyk 2.2.2 & 2.4.5.2).

Met hierdie argument van Kuitert dat God se wette, soos in die Skrif gegee, slegs tydsgebonde is, stel Kuitert hom teenoor die gereformeerde tradisie (1970:79). Alhoewel laasgenoemde, volgens Kuitert, aan die tydloosheid van God se wil vashou, word hulle volgens Kuitert gedwing (vergelyk die voorbeeld hierbo gegee ten opsigte van die man-vrou-verhouding, slawerny, ensovoorts) om uitsonderings te maak, soos wat

die omstandighede dit eis: "men verklaarde voor tijdloos geldig naar gelang de omstandigheden daarom vroegen."

### 2.1.2 DIE VERSKIL TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENTIESE GEBOOIE

Kuitert gaan in sy werk oor Skrifberoep in die etiek nie direk in op die verskil tussen Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese gebooie as sodanig nie, maar wel implisiet wanneer hy die onderskeiding van seremoniële, burgerlike en sedelike/morele wette afwys (vergelyk 2.2.2). Die tradisie na hom bou dit egter uit as 'n belangrike argument teen die "tradisionele" wyse van Skrifberoep. Die rapport van die deputate Kerk en Theologie van die Gereformeerde Kerken in Nederland oor homofilie (1982:24), wys byvoorbeeld daarop dat daar 'n verskil bestaan tussen die Ou Testamentiese en die Nuwe Testamentiese siening van straf op seksuele 'oortredings'.[5]

### 2.1.3 VERSKIL (TEENSTRYDIGHEDE) BINNE DIE NUWE TESTAMENT (en binne die Ou Testament) SELF

[5] Die deputate wys daarop dat in Levitikus 20:13 die doodstraf geëis word vir homoseksualiteit. Hierteenoor word geredeneer dat Jesus (Nuwe Testament) Hom by die vrou wat owerspel gepleeg het nie hou by die Joodse wet dat sy doodgemaak moet word nie, hoewel Hy haar gedrag uitdruklik sonde bly noem (Joh. 8:11). Die gebod bly dus geld, maar daar word nie aan die regseis voldoen nie. "Blijkbaar worden bepaalde bijbelse geboden 'geneutraliseerd' door een beroep op andere bijbelteksten. Daarbij mag men kennelijk gebruik maken van teksten die eigenlijk over andere zonden gaan (1982:25). Die vraag is nou of dit 'n geldige metode is, want dan kan volgens die opstellers net so goed beweer word dat ons nie dieselfde gesag as Jesus en Paulus het om uitsonderinge op die reëls te maak nie en dat ons Levitikus 20:13 in sy volle konsekwensies moet aanvaar.

Om verder daarop te wys dat 'n direkte Skrifberoep vir die Christelike etiek nie moontlik is nie, wys Kuitert (1970:68) op 'n "tegengestelde tendens in het Nieuwe Testament" ten opsigte van die ondergeskikte posisie van die vrou. Soos hierbo gestel, blyk volgens Kuitert die ondergeskikte posisie van die vrou uit Nuwe Testamentiese tekste, soos 1 Kor.11:3,7 ev.; 1 Tim.2:15 en Joh.8:1-11. Daarteenoor is daar ook 'n "tendens" in die Nuwe Testament om die vrou "uit deze ondergeschikte positie" te bevry (byvoorbeeld:1 Kor.11:11,12 en Gal.3:28). Hierop vra Kuitert die vraag of hier (en elders) tussen twee lyne in die Skrif onderskei moet word. Indien wel, waarom moet dan die een lyn gevolg word en nie die ander nie?

In 'n latere werk getiteld, 'Om en Om' (1972), gaan Kuitert in 'n artikel oor 'Waarheid en verificatie in de Dogmatiek' verder op bogenoemde probleem van die onderskikte posisie van die vrou in. Ook in hierdie werk (1972:185) stel hy dat wie van die Bybel as kriterium wil uitgaan, nie met 'n eenvoudige of direkte Skrifberoep kan kom nie. Hy verwys dan na 1 Korinthiërs 11:2-16 en stel dan dat niemand vandag hom op hierdie verse sal beroep om die ondergeskiktheid van die vrou aan die man as waarheid voor te stel nie, hoewel dit geensins betwyfel kan word dat Paulus dit juis vir dié doel geskryf het nie. Wat hier in die Bybel staan, kan dus nie meer aanvaar word as geldig vir ons samelewing nie en word dan ook deur ander Skrifgedeeltes teengespreek.

### 2.1.4 VERSKIL TUSSEN DIE EKSEGESE VAN VERSKILLENDE EKSEGETE VAN DIESELFDE SKRIFGEDEELTE

Kuitert (1970:68,69) verwys as voorbeeld na eksegete se verskillende eksegeses van die bergrede. Sonder om name te noem, stel Kuitert dat sommige eksegete die gebooie van die bergrede sien as geldend vir alle lewensterreine. Ander beperk die geldingsgebied tot omgang binne die Christelike gemeente. 'n Derde groep sien dit as slegs geldig vir die persoonlike (in teenstelling met die publieke) lewe. 'n Vierde groep beskou weer die gebooie van die bergrede as eskatologies van aard en waaraan dus nie in hierdie wêreld voldoen kan word nie.

## 2.2 ARGUMENTE TEEN "TRADISIONELE OPLOSSINGS" VAN BOGENOEMDE PROBLEME

Kuitert sien die Skrifberoep binne die Christelike tradisie as totaal-en-al willekeurig: "het Schriftberoep blijk in de praktijk een kolossaal willekeurige beroep te zijn. Met willekeurig is bedoeld: niet héél de Schrift staat kennelijk open voor een beroep, doch slechts bepaalden stukken. Teksten, flarden van teksten soms, functioneren; andere teksten functioneren niet en in vele gevalle nooit" (1970:71).

Kuitert sien die tradisionele Christelike hermeneutiese sisteem van Skrifberoep (waaronder die indeling van seremoniële, burgerlike en sedelike/morele wette asook die klem op die tien gebooie as "lex moralis") as 'n fyn vertakte hermeneutiese sisteem, wat NIKS ANDERS DOEN AS OM VAN DIE BYBELSE GEBOOIE AF TE SKRAP WAT NIE GEBRUIK KAN WORD NIE, en alleen dit oor te hou wat na HUL BESTE WETE vir die menslike samelewing VAN HUL EIE TYD nodig was.

Kuitert sien dus die tradisioneel-Christelike etiese Skrifberoep, as 'n verbloemde situasie-etiek. Bybelse gebooie is gebruik, nie gebruik, of ingekleur soos wat die bestaande praktyk dit vereis het. Hierdie situasie-benadering is dan verbloem met "omslachtige redeneringen" (1970:74).

Kuitert sluit in sy artikel oor 'Het Schriftberoep in de ethiek' by Robinson se werk 'Verschuiving in de moraal' aan waarin Robinson stel (1964:20,21) dat die inhoud van de Christelike sede deur die loop van die eeue ingrypend verander het. Volgens Robinson moet Christene nie onrustig voel daaroor dat vroeëre geslagte, in ander situaties heeltemal anders as vandag geoordeel het nie, en dat daar vandag steeds verskillend geoordeel word oor die vraag wat goed en wat kwaad is.[6]

---

[6] Dat hierdie standpunt van hom noodwendig tot relatiwisme in die etiek sal lei, is vir Robinson geen probleem nie. Hy stel (1970:22) dat solank ons 'n oog het vir die relatiwisme in al ons etiese oordele en

As voorbeelde van die verandering van die Christelike etiek deur die eeue verwys Robinson na die etiese beoordeling van oorlog, doodstraf, homoseksualiteit, selfmoord en die gronde vir egskeiding (1970:23,24):

- Oorlog: Nie-etiese faktore uit die jongste verlede het vandag die diskussie tussen pasifiste en nie-pasifiste, asook die klassieke idee van 'n 'regverdige oorlog' eenvoudig verouderd.

- Doodstraf: 'n Nuwe opvatting oor die sin van straf het as gevolg van nie-teologiese faktore gekom. Die afskuwelikheid van doodstraf word vandag besef.

- Homoseksualiteit: Die houding van die Christelike kerk oor homoseksualiteit is merkbaar aan die verander.

- Selfmoord en geboortebeperkings: Dit word vandag deur die kerk in 'n ander lig gesien as vroeër.

- Gronde vir egskeiding: Die kerk sal sy siening dat egbreuk die enigste grond vir egskeiding is (in vandag se veranderende situasie) moet wysig.

Met hierdie voorbeelde wil Robinson aantoon "dat die Christelijke ethiek geen onveranderlijk complex van eens en voor altijd vastgestelde regels is" (1970:25). Met so 'n standpunt is 'n direkte Skrifberoep in die etiek natuurlik onmoontlik (vergelyk Rothuizen se debat met Robinson (1964:15,17)).

Vervolgens word, aan die hand van sy artikel oor 'Het Schriftberoep in de ethiek', Kuitert se argumente teenoor die oplossing wat tradisioneel gebied word om 'n direkte Skrifberoep in die etiek moontlik te maak sonder om in willekeur te verval, gestel:

---

nie as Christene bang is vir sodanige relatiwisme nie, sal ons nie deur die verskil in etiese insig so sterk van stryk gebring word nie.

2.2.1 VERSKIL WAT DIE "CHRISTELIKE TRADISIE" MAAK TUSSEN GEBOOIE WAT SONDER UITSONDERING GELD EN DIE WAT MET UITSONDERING GELD

Kuitert (1970:69) stel dat die "Christelike tradisie" willekeurig 'n verskil maak tussen gebooie wat sonder uitsondering geld en die wat met uitsondering geld. Gebooie oor egskeiding in die bergrede geld tradisioneel "zonder uitzonderingen", terwyl ander gebooie van die bergrede, soos byvoorbeeld oor die eed en oor geweld "met uitzonderingen" geld. [7]

2.2.2 DIE VERSKIL WAT DIE CHRISTELIKE TRADISIE MAAK TUSSEN SEREMONIëLE, BURGERLIKE EN SEDELIKE/MORELE WETTE:

Volgens Kuitert (1970:71 ev.) gebruik Calvyn bogenoemde onderskeiding as hermeneutiese middel om te oordeel watter (Ou Testamentiese) gebooie vandag geld en watter nie.

Wat die rentevraagstuk byvoorbeeld betref, sien Calvyn die Ou Testamentiese verbod op rente (Dt.23:19) as 'n onderdeel van die burgelike orde van oud Israel, en dat ons dus nie meer daaraan gebonde is nie.

Tog is vir die gereformeerde tradisie die seremoniële wette nie heeltemal afgeskaf nie, maar bly die morele kern daarvan nog geld (Kuitert, 1970:73). Calvyn pas dit byvoorbeeld op die renteverbod toe, as hy stel dat die verbod nie meer geld nie, maar die wese wel. Hierdie verbod

---

[7] Die deputate Kerk en Theologie van die Generale Synode van die Gereformeerde Kerken in Nederland stel in hulle rapport oor homofilie (1982:23) dat die kerklike tradisie deur die eeue die Christene gehelp het om die Skrif te begryp en in hulle lewens toe te pas. Die tradisie het bepaal "welke tekst gehoorzaamt men naar de letter" en "aan welk gebod kent men minder gewicht toe".

sluit by die agste gebod aan, naamlik dat ons ons nie ten koste van ons naaste mag verryk nie. Dit bly altyd geldig. As geld egter teen 'n klein rente geleen word, is dit nie daarmee in stryd nie. Hierdeur bring Calvyn billikheid en ekonomiese ontplooiing in harmonie met mekaar (Goudzwaard, 1980:11).

Kuitert reageer egter op Calvyn se siening met die vraag "wat maakt moreel eigenlijk tot moreel?" (1970:74). Hoe word besluit of 'n gebod/verbod 'n burgerlike wet is? Is die renteverbod byvoorbeeld 'n burgerlike wet omdat Calvyn so sê? Wie besluit dat die Ou Testamentiese huwelikswetgewing nie geld nie, behalwe dat die man die hoof van die vrou moet wees? Kuitert het dus 'n probleem met die skynbaar willekeurigheid van bogenoemde indeling.*

Kuitert wys ook daarop dat die Christelike tradisie op geen tydstip moeite gedoen het om die sabbats- of jubeljaar (vgl. Lev. 25:1-22) te onderhou nie. Die rede wat hiervoor voorgehou word is dan dat dit burgerlike wetgewing is wat alleen op Israel betrekking gehad het. Hierteenoor wys Kuitert (1970:70) dan daarop dat iets soos die verbod van die eet van bloed wat ook as burgerlike wet beperk tot Israel gesien word, en dus ook nie deur die Christelike tradisie onderhou is nie, tog uitdruklik in Handelinge 15:20 op nie-joodse Christene van toepassing gemaak is. Dit dui dus verder op die willekeur van sodanige onderskeiding.

Teenoor die seremoniële en burgerlike wette wat in die Christelike tradisie nie meer geld nie (behalwe die morele kern daarvan wat nie "verlore" gaan nie), word die sedelike/morele wette gestel wat wel vandag nog geld.

---

* Onder die titel 'Indeling in tydgebonde en algemeen-geldige norme' stel die deputate kerk en theologie van die Gereformeerde kerken in Nederland (1982:25,26) dat sowel die onderskeiding burgerlike en morele wette, as die onderskeiding seremoniële en morele wette, nie opgaan as reëls om willekeur in die Skrifberoep te verhoed nie. Die Ou Testament maak buitendien self nie sodanige onderskeiding nie. En waarom sou dit nie vir die kerk as die 'nuwe Israel' nodig wees om die gebooie wat binne Gods volk gegeld het te onderhou nie?

Laasgenoemde word dan in sy kern saamgevat in die Tien Gebooie (Kuitert, 1970:73). Kuitert wys dan daarop dat die Heidelbergse Kategismus dit waaraan die Christen hom moet hou, saamvat in die Tien Gebooie. Calvyn gaan volgens Kuitert selfs nog verder as hy in 'n preek oor Deutronomium 23 aan die Tien Gebooie 'n soort kontrolefunksie toeken. Om God se wil vir ons vas te stel, moet ons die Ou Testamentiese gebooie toets aan die Tien Gebooie.

Hoewel die gereformeerde tradisie volgens Kuitert (1970:73) hierdie standpunt van Calvyn nie volledig gehandhaaf het nie, is daar tog taamlik algemeen daarvan uitgegaan dat die Tien Gebooie die "lex moralis" is, wat as sodanig ook die altyd geldende "lex naturalis" bevat.

Hierdie indeling lei egter volgens Kuitert skipbreuk wanneer by die Sabbatsgebod gekom word. Hoewel dit deel van die Tien Gebooie is, bevat dit duidelik ook 'n seremoniële kant, wat niemand meer onderhou nie (1970:73,74). Hier het ons dus 'n gebod wat deel is van die Tien Gebooie, maar wat net soos die seremoniële wette, slegs ten opsigte van sy morele sy/kern geld.

Op grond van Jeremia 31, Hebreërs 8:13 en Galasiërs 4:1-11 stel Kuitert in sy werk 'Verstaat gij wat gij leest' dat die Bybel self die antwoord gee waarom die Wet van die Horebverbond deur Christene nie meer gehou word nie. Die rede is dat dit nie mág nie, omdat die Bybel dit verbied (vergelyk: Visee, 1969:18).

### 2.2.3 DIE VERSKIL WAT DIE "CHRISTELIKE TRADISIE" MAAK TUSSEN GEBOOIE WAT GOD SELF UITDRUKLIK GEGEE HET EN GEBOOIE WAAR DIT NIE DIE GEVAL IS NIE

Op die verskil wat die "Christelike tradisie" maak tussen gebooie wat God self uitdruklik gegee het en gebooie waar dit nie die geval is nie, gaan Kuitert nie apart in nie. In sy boek 'Verstaat gij wat gij leest' wys hy wel daarop dat daar baie gebooie is, ook gebooie wat uitdruklik deur God gegee is, wat geen enkele Christen vandag meer hou nie, al weet hy dat

dit in die Bybel staan as 'n van God gegewe gebod. In die verband verwys hy onder andere na die sabbatsgebod ("door God zelf gegeven!").

In aansluiting by hierdie gedagte, gaan die deputate Kerk en Theologie van die Gereformeerde kerken in Nederland in hulle rapport oor homofilie (1982:26) dieper hierop in. Hulle stel dat in die Christelike tradisie dikwels 'n onderskeid gemaak is tussen gebooie wat God self uitdruklik gegee het en ander gebooie waar dit nie die geval was nie. Hierdie Godgegewe gebooie word dan dikwels skeppingsordeninge genoem, en hiertoe behoort byvoorbeeld die owerheid (Rom.13:1 e.v.), doodstraf (Gen.9:6) en die verbod om bloed te eet (Gen.9:4). Hierby word nog besit (die mens het van die begin af die opdrag om die aarde te onderwerp en te beheers) en die huwelik (monogaam - Mt.19:4 e.v.) as (skeppings-)ordeninge van God gesien.

Teenoor hierdie siening betoog die deputate dat selfs by bogenoemde Godgegewe gebooie nie met 'n eenvoudige beroep op die tekste volstaan kan word nie, want "blijkbaar kennen ook de ordeningen uitzonderingen en worden zij door de kerk niet zonder meer als moraal aanvaard" (1982:26). [9]

Kuitert se kritiek op die 'tradisionele' wyse van direkte Skrifberoep in die etiek kan saamgevat word daarmee dat laasgenoemde volgens hom nie die probleem van willekeur kon ontsnap nie (1970:71). Op grond van sy argumente hierbo genoem, kom hy tot die gevolgtrekking dat die fyn vertakte sisteem van die tradisionele gereformeerde hermeneutiek eintlik niks anders doen as om van die totaliteit van die Bybelse gebooie af te skrap wat nie bruikbaar is nie, en daardie gebooie oor te hou wat na die beste van hulle wete nodig was vir die menslike samelewing van hulle eie tyd (1970:74). Hierdie hermeneutiek kom dus "in" en "vanuit" die bestaande praktyk na die Bybelse gebooie. Nie die omslagtige

---

[9] So is die doodstraf byvoorbeeld afgeskaf; die verbod om nie bloed te eet nie word nie op ag gegee nie. By die onverbreekbaarheid van die huwelik noem Paulus tog 'n grond vir egskeiding (1 Kor. 7:15).

beredeneringe nie, maar die praktyk was dus die rede waarom die Skrifberoep in die een geval wel en in die ander geval nie gegeld het nie! Al wat "onze vaderen" nog van volslae willekeur gevrywaar het, was "een conceptie als lex naturalis" (1970:74).

## 2.3 KUITERT SE SIENING VAN 'n INDIREKTE SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

Om Kuitert se siening van 'n indirekte Skrifberoep reg te verstaan, is dit belangrik om in gedagte te hou dat Kuitert self sê dat hy nie bedoel om die gesag van die Heilige Skrif aan te tas nie. Hy sien sy gedagtes dus nie as deel van 'n beweging om die Skrif en sy gesag te ondergrawe nie. Dit gaan volgens hom inteendeel daarom om die Heilige Skrif te eer (1969:11). Die eer van die Heilige Skrif lê dan daarin dat dit tot sy reg laat kom moet word deur dit opnuut, vandag in die wêreld van die twintigste eeu, verstaanbaar te maak vir sowel die gemeente ás die wêreld (1969:11,12).

### 2.3.1 'n INDIREKTE SKRIFBEROEP

Teenoor die tradisionele uitgangspunt van die tydlose geldigheid van Gods gebooie in die Skrif, stel Kuitert (1970:78) dat die Bybelskrywers as kinders van hul tyd (kultuur) praat en skryf. Vir hom is die belangrikste beginsel ten opsigte van die Skrifberoep in die etiek, dat altyd met die TYDGEBONDENHEID of te wel histories-gekondisioneerdheid van die Bybel rekening gehou moet word: "Het gezag van de Schriften belijden betekent niet van de bijbel een verzameling tijdlose regels of waarheden maken, integendeel, de ware eerbied voor de Schrift bestaat in de eerbied voor de werkelijke d.w.z. door haar historische bepaaldeheid getypeerde bijbel." Die willekeur in die tradisionele Skrifberoep, is dan volgens Kuitert 'n gevolg van die miskyk van die histories bepaald wees van die GANSE Skrif.

Kuitert se probleem met die tradisionele gereformeerde beroep op die Skrif, is nie dat die historisiteit van die Skrif ontken is nie, maar dat

dit slegs gedeeltelik erken is (1970:78). Soos reeds gesien, erken selfs Calvyn dat sekere gebooie historiese bepaald is (die sogenaamde burgerlike en seremoniële wette). Hierdeur word erken dat hierdie goddelike voorskrifte voorskrifte is vir 'n bepaalde tyd.

Die probleem wat Kuitert egter met die standpunt het, is konsekwentheid (1970:79). Die gesigspunt dat die Bybel histories bepaald is, moet konsekwent op die hele Skrif toegepas word. Eers dan kan tot die vraag oorgegaan word op welke wyse die gebooie van vroeër aanwysings vir handelinge in die hede kan wees.

Dit blyk dus dat die omstandighede of situasie vir Kuitert 'n bepalende rol speel ten opsigte van die toepassing van Skrifgebooie in die etiek. Hy wys dan ook daarop (1970:79) dat deur die hele geskiedenis van etiese Skrifberoep, volgens die eise van omstandighede, uitsonderings gemaak is ten opsigte van die 'tydlose' geldigheid van Gods Skrifgebooie. Solank die samelewing stabiel bly, kan die geldende norme ook vas bly. In die snel veranderende samelewing van vandag, moet gebooie saam verander. Dit spreek van konserwatisme in die Christendom as gepoog word om dit wat eergister paslik was en gister nog draaglik was, vandag steeds te wil handhaaf as die wil van God (1970:80).

Kuitert vat dan sy alternatief op die 'tradisionele' wyse van Skrifberoep in die etiek saam met die term 'indirekte Skrifberoep'. Kuitert verklaar dit self soos volg: "De term indirect wil dan zeggen, dat er geen directe verbindingslijn tussen de historisch bepaalde sociale leefwereld van de bijbel en die van ons te trekken valt en dat er dus niet van een directe toepassing van Schriftwoorden - als ethische loca probantia - op de huidige ethische situatie te spreken valt" (1970:80). Vir Kuitert beteken Skrifberoep dan dat die Bybel op 'n indirekte wyse - oor die historiese afstand heen - in die etiek tot sy reg kom (1970:81).

Kuitert wys dan verskillende wyses van 'n indirekte beroep op die Skrif af (1970:81-85), veral die benadering wat die klem op die soteriologiese strekking van die Skrif laat val (waaronder Schweitzer, Hillerdal en selfs Bultmann), asook die benadering wat soek na parallelle situasies tussen toe en nou om 'n geldige Skrifberoep te maak (waaronder W. Schrage).

Hy sien daarenteen die Bybelse gebooie as etiese paradigmas of voorbeelde vir vandag.

### 2.3.2 BYBELSE GEBOOIE AS VOORBEELDE

In aansluiting by Josef Blank en Paul Jacobs praat Kuitert (1970:85) van die gebooie in die Bybel as "etische modellen", "paradigma's" en "voorbeelde" vir die etiek van vandag. Op hierdie wyse wil hy dan 'n verantwoorde (indirekte) Skrifberoep daar stel. Hierdie hermeneutiese greep hou volgens hom in dat die Bybel ons GOD SE BEDOELING VIR 'n BEPAALDE TYD gee (wat daarom ook deur die Skrif voortdurend varieer), en dat dit in die sin as 'voorbeeld' verstaan en gehoorsaam moet word.

Kuitert glo dat deur bogenoemde wyse van 'n indirekte Skrifberoep in die etiek, sowel die onveranderlikheid van God se wil, as die historiese gebondenheid van die Bybel tot hulle reg kom. Die Skrif word so nie weggesluit in die verlede nie, maar die weg word so oopgemaak vir die Skrif om ook in die hede te kan funksioneer (1970:86).

### 2.3.3 ONTSOSIALISERING EN HERFORMULERING VAN BYBELSE GEBOOIE

Om die Skrif te gehoorsaam, is vir Kuitert nie dieselfde as klakkeloos doen wat die Skrif sê nie. God het die mens met verstand, 'n verantwoordelikheidsbesef en kennis van sake geskape, sodat hy dit kan gebruik om tot 'n ware gehoorsaamheid aan die Woord te kom. Dit kan eers gebeur wanneer ons die Skrif 'ontsosialiseer' ('n term wat Kuitert by H. Begemann (1960:170) kry). Kuitert stel (sonder Skrifbewyse) dat hierdie 'ontsosialisering' van die Skrif 'n eis is waar die Skrif ons self voor plaas. Dit betref nie alleen die gebooie nie, maar die hele Skrif (1970:86). Daarom sê Kuitert: "Wij moeten evangelie én gebod herformuleren opdat beide hetzelfde zouden blijven als gister" (1970:87).

Die herformulering moet plaasvind deur middel van 'n 'voortgaande gesprek' tussen die kerk en die Skrif. In navolging van Paul Lehmann (1963:31) stel Kuitert dan die Skrif en die deur die Gees geleide gemeente op een (gesagsvolheids) vlak (1970:87). Die Heilige Gees betrek die gemeente in 'n dialoog met die Skrif (as kanon) oor wat vandag gehoorsaamheid is aan Gods gebod.

### 2.3.4 NEGERING VAN BYBELSE GEBOOIE

In latere werke gaan Kuitert nog verder deur 'n Skrifberoep in die etiek as 'n aangeleentheid van beperkte rykwydte te sien (1983:122). Hy negeer die belang van Bybelse gebooie as hy stel: "De bijbel is onontbeerlijk vanwege het verhaal, niet vanwege de moraal. ... Voor de moraal hebben wij wel andere bronnen. ... Moraal is iets van alle mensen en niet al.leen iets van Joden en Christenen" (Kuitert, 1983:122, 123). Die Bybel word so deur Kuitert gelykgestel met ander godsdienstige en nie godsdienstige leerstukke oor etiese onderwerpe. Uiteindelik berus dit by die mens en sy verstand om te besluit wat mag en wat nie mag nie (Kuitert, 1981c:12, 14). Die mens is die norm en kan self besluit of geloof en lewensbeskouing in 'n etiese vraagstuk enigsins 'n rol te speel het (Kuitert, 1981c:23).

## 2.4 EVALUERING VAN KUITERT SE ARGUMENTASIE TEEN 'n DIREKTE SKRIFBEROEP EN TRADISIONELE OPLOSSINNGS IN DIE ETIEK

### 2.4.1 DIE VERSKIL VAN HANDELINGE EN SITUASIE IN BYBELSE TYD EN VANDAG

Kuitert wys tereg op die verskil tussen die kultuur-historiese situasie in die Bybelse tyd en vandag. Hy fouteer egter as hy die Skrif daarom as 'tydgebonde' beskryf (vergelyk 2.1.1) en dit stel teenoor die siening van die Skrif as tydloos (wat die gereformeerde tradisie sou voorstaan). Hier word 'n derde term benodig, naamlik dat die Skrif 'tydgerig' is.

Op die wesentlike belang van die onderskeiding tussen hierdie terme word later op ingegaan.

As voorbeeld van die tydsgebondenheid van die Bybel verwys Kuitert na die verskil tussen die Bybelse siening en die siening van ons vandag van die man-vrou-verhouding (vergelyk 2.1.1 & Kuitert, 1970:67-68). Kuitert impliseer hier dat die vroue in die geskiedenis gely het as gevolg van die onderhorige posisie wat die Skrif aan hulle toegeken het en dat dit vandag logies nie meer geld nie. God het dus deur sy gebooie in die Ou Testament 'n onreg aan die vrou gedoen. Hierteenoor handhaaf ons dat die man-vrou-verhouding soos in die Ou Testament geskets en in die Nuwe Testament die heerlike taak gegee is om as beeld van die verhouding tussen Christus en sy gemeente te dien, nie 'n onreg deur God aan die vrou is nie, maar 'n skeppingsgegewe en genadige ordening van God. (Kuitert se argumente ten opsigte van die man-vrou-verhouding word verder onder punt 4.2.3 bespreek.)

Die onderdanigheid van die vrou aan die man geld dus (in teenstelling met wat Kuitert beweer) vandag nog vir die huwelik. Hierdie onderdanigheid moet juis beeld wees van die onderdanigheid van die gemeente aan Christus (Efesiërs 5:24). Juis in die sin is die onderdanigheid nie 'n slaafse onderdanigheid nie (soos wat dit dikwels gesien word), maar 'n liefdesonderdanigheid in 'n liefdesverhouding met iemand wat haar tot die dood toe liefhet (Efesiërs 5:25-29).

'n Verdere voorbeeld waarmee Kuitert wil aantoon dat die verskil in situasie tussen Bybelse tyd en vandag 'n direkte beroep op die Skrif vir die etiek onmoontlik maak, handel oor die vergelyking wat hy trek tussen slawerny en oorlogvoering (vergelyk 2.1.1 & Kuitert, 1970:70, 71). Net so onsinnig as dat iemand hom vandag op die Bybel sal beroep vir die regverdiging van slawerny, sal volgens Kuitert in die toekoms 'n beroep op die Skrif vir oorlogvoering wees.

Kuitert se parallel tussen slawerny en oorlogsvoering gaan egter nie op nie. Douma (1975:45) wys tereg daarop dat 'n beroep op die Skrif om slawe aan te hou, onsinnig is. Dit sal alleen kon gebeur as die Skrif 'n gebod gehad het om slawe aan te hou. Hy stel dan dat die rede waarom dit so lank geduur het in Christelike kring om slawerny af te skaf, nie

in die onduidelikheid van die Skrif lê nie, maar in die ontbreking van fyngevoeligheid om te onderskei waar dit op aankom. (Vergelyk in die verband ook Wilder, 1966:20.)

Hierteenoor het die staat die opdrag van God "om die een wat kwaad doen te straf" (Romeine 13:4). En die swaard in die hand van die owerheid is dan nie net die polisiemag nie, maar ook die weermag wat die wat van buite af die staat bedreig, moet straf. Juis omdat daar deur die sondeval kwaad in die wêreld gekom het, sal daar tot aan die voleinding oorlog gevoer word (soos ook in die hemele) om die kwaad te stuit.[10] Hoewel slawerny nooit gebied (of verbied) word in die Skrif nie, word die opdrag aan die staat gegee om die kwaaddoener te straf. Kuitert misken die sondigheid van die mens as hy dink dat die kwaad wat gestraf moet word, van verbygane aard is. Alleen 'n optimistiese maatskappybeskouing (wat nie rekening met die sondige aard van die mens hou nie) kan beweer dat ons in hierdie bedeling tot 'n permanente vrede kan kom.

Ten opsigte van slawerny, opstand teen die owerheid en ander etiese probleme erken Douma in 'n latere werk (1984:43-44) dat die Skrif deur talle verkeerd gebruik is en word. Hierdie misbruik hef egter nie die goeie gebruik van die Skrif op nie. Hoewel die Fariseërs in hulle Skrifgebruik teenoor Jesus gestaan het en die Judaïste teenoor Paulus, "werd daardoor de Schrift nog niet uit de handen van Jezus en Paulus geslagen".

### 2.4.2 DIE VERSKIL TUSSEN OU EN NUWE TESTAMENTIESE GEBOOIE

Hier moet die vertrekpunt in die eenheid van die Skrif geneem word. Nuwe Testament en Ou Testament staan nie los van mekaar nie, maar die Nuwe Testament bou duidelik op die Ou Testament, en gebeure van die

[10] Hier kan ongelukkig nie verder op die oorlogsvraagstuk ingegaan word nie. Vir verdere verwysing kan die artikel van J.H. van Wyk (1983): 'Die oorlogsvraagstuk - 'n oriëntasie' aanbeveel word.

Nuwe Testament is die vervulling van profesieë van die Ou Testament. Dit is dieselfde God wat Hom in Ou en Nuwe Testament openbaar.

Tog blyk hieruit ook dat binne die eenheid van die Skrif daar ook 'n duidelike verskeidenheid bestaan waarmee in die etiek rekening gehou moet word. Reeds die benamings 'Ou' en 'Nuwe' Testament dui aan dat laasgenoemde nie 'n blote herhaling van eersgenoemde is nie. "By die basiese kontinuïteit kom tog ook die beslissend nuwe van die Nuwe Testament (vergelyk Hebr. 1:1-4). ... Die verskil is geleë in die wyse waarop hierdie God verkondig word, in die perspektief op die openbaring, ens. Die grootste verskil is dié van vóór Christus en ná Christus, terwyl Christus terselfdertyd ook die eenheidsband is" (Coetzee et al., 1980:28). Dit bring mee dat met die plek van 'n Skrifgedeelte en -gebod in die openbaringsgeskiedenis rekening gehou moet word.

Op die probleem van Kuitert en andere dat die 'tradisionele' Skrifbeskouing willekeurig besluit watter Bybelse (Ou Testamentiese) gebooie geldig is, antwoord ons saam met Jonker (Ongedateerd b:5) dat die Skrif self onderskei tussen die blywende en wisselende elemente in die Ou Testamentiese gebod. Teenoor Kuitert wat die oplossing sien in 'n indirekte Skrifberoep waar Bybelse gebooie (willekeurig - HGS) herformuleer word deur 'n voortgaande gesprek tussen kerk en Skrif (1970:87), stel Jonker dat die Skrif self aan ons toon hoe rekening gehou moet word met die dinamiese en historiese situasie waarin die Nuwe Testamentiese gemeentes hulle bevind (ongedateerd b:5). Op die vraag of vandag op dieselfde manier met die gebooie van die Nuwe Testament omgegaan mag word as wat die Nuwe Testament met die gebooie van die Ou Testament omgaan, antwoord Jonker dat ons heilshistories veel digter by die Nuwe Testament staan, as wat die Nuwe Testament van die Ou Testament af staan. Hoewel dit moontlik is dat ons vandag in ons Skrifberoep in die etiek nuwe aksente lê, bly ons deel van die Nuwe Testamentiese kerk en van die Nuwe Testamentiese bedeling, met dit wat daarvoor as geldend in die Skrif gegee is![11]

---

[11] Floor gaan op 'die verhouding van Ou en Nuwe Testament' in in sy artikel met die titel (1984b:22-36). Vergelyk Louw se artikel oor 'Die

## 2.4.3 VERSKIL (TEENSTRYDIGHEDE) BINNE DIE NUWE TESTAMENT (en binne die Ou Testament) SELF

Ten opsigte van die man-vrou-verhouding wys Kuitert daarop dat daar sekere tekste in die Skrif is wat uitgaan van die onderhorige posisie van die vrou, terwyl ander tekste die vrou uit hierdie posisie wil bevry (vergelyk 2.1.3 & Kuitert, 1970:68 & 1972:185) en dus eersgenoemde tekste "teenspreek".

Douma (1975:44) wys daarop dat hier nie werklik van teenstrydighede sprake is nie. Hoewel die ritueel in Numerie 5 (om vas te stel of owerspel gepleeg is) daar net op die vrou van toepassing gemaak word, wil dit nie op 'n eensydigheid dui soos Kuitert dit sien nie. Vir 'n gebalanseerde oordeel moet daarop gelet word dat Levitikus 20:10 en Deutronomeum 22:22, egbreuk gepleeg deur die man ook met doodstraf bedreig.

Douma (1975:44) stel dat dieselfde geld ten opsigte van Johannes 8:1-11, wat Kuitert ook aanhaal. Hoewel hier oor die skuld van die man geswyg word (soos ook by Num. 5), beteken dit nie dat volgens die Skrif daar nie van skuld by so 'n man sprake is nie. Egbreuk word in die Skrif by niemand (man of vrou) goedgepraat nie.

Ook met Kuitert se siening dat die 'minderwaardigheid' van die vrou (teenstrydig met ander verse), soos blyk uit 1 Timotheus 2:15 en Korinthiërs 11:3, 7 ev. kan nie mee saamgegaan word nie. Kuitert lei uit 1 Timotheus 2:15 af dat Paulus die voortbring van kinders as heilsweg vir die vrou sien (1970:68). Herman Ridderbos (1967:83-84) stel egter dat deur hierdie vers die voortbring van kinders nie as middel aangewys word waardeur die vrou behou kan word van ondergang nie, maar wel as die weg waarin ook na die sondeval aan die vrou 'n nuwe lewensuitsig gebied is, ondanks die doodstraf wat God as die gevolg van die oortreding

---

Bybel en homoseksualiteit', wat op die verband tussen Levitikus 20:13 en Johannes 8 (vergelyk voetnoot 6) ingaan (1980:106-110); asook Van den Berg se artikel 'Homoseksualiteit: Siekte of sonde?' (1981:1-4).

gestel het. Deur haar swangerskappe bou die Christenvrou mee aan die ryk van Christus.

Tereg sê Douma (1975:44) dat Kuitert se verwysing na 1 Korinthiërs 11:3, 7 ev. nie te maklik beantwoord kan word nie. Dit maak egter nie dat ons hierdie verse as teenstelling moet sien met ander gedeeltes wat oor die man-vrou-verhouding handel nie. Om die waarheid te sê, is hierdie gedeelte juis 'n bewys dat ons hier nie met twee weersprekende lyne te doen het nie, want Paulus hanteer hier in een hoofstuk sowel die onderdanigheid van die vrou aan die man as die gelykheid in Christus (vergelyk verse 3, 7-9, met verse 11 en 12).

### 2.4.4 VERSKIL TUSSEN DIE EKSEGESE VAN VERSKILLENDE EKSEGETE VAN DIESELFDE SKRIFGEDEELTE

Dat eksegete deur die loop van die geskiedenis en vandag nog verskil oor die eksegese (verklaring) van bykans elke Skrifgedeelte in die Bybel, sal deur niemand betwyfel kan word nie. Ook uit hierdie werkstuk blyk die verskil in eksegese duidelik. Tog moet ons ons in gehoorsaamheid na die Bybel rig wat aan ons gegee is as 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad.

God het ons nie 'n onverstaanbare of duistere Boek gegee nie, maar duidelik en genoegsaam Hom in sy Woord aan ons geopenbaar. Dit beteken egter nie dat die Bybel nie misverstaan kan word nie, want ons bly sondige mense (Jonker, Ongedateerd a:1). Daarom is dit belangrik dat ons na die Bybel self gaan om ons die (hermeneutiese) sleutel tot 'n regte Skrifberoep te gee. Want as ons die lig van die Skrif op ons lewenspad wil laat val, is dit gebiedend noodsaaklik dat op die regte wyse na die Skrif geluister word. Anders laat ons die Skrif ons idees buikspreek.

Die sondigheid van die mens is egter nie al rede waarom eksegete oor die eeue tot verskillende verklarings van die Heilige Skrif gekom het nie. Omdat tye verander en die Skrif en sy gebooie nie tydloos is nie, maar tydsgerig (let wel nie tydsgebonde nie!), moet daar klemverskille deur die eeue in die Christelike etiek kom om dit tydgerig te hou. Dit wil egter

geen willekeur nie, maar eis van eksegete die grootste verantwoordelikheid om God se Woord, ONVERANDERD, direk vir elke spesifieke tyd te laat spreek!

Ons besit nie 'n etiek wat kant en klaar vir alle tye geld nie. Weens die gebrokenheid van die Christelike etici voor ons, roep ook die Christelike etiek telkens om reformasie. Daarby bring elke eeu nuwe vrae en probleme na vore waarop antwoorde gevind moet word. Wat ons egter wel besit, is die belofte dat die Gees wat die Outeur van die Skrif is, ons in die waarheid van die Skrif sal lei. Daarom, stel Douma (1975:46), moet ons met goeie moed bly stry, om vanuit dit wat seker is (die konstante/vaste wat ons in die Skrif gegee is) antwoorde te vind op vrae wat andere of onsself aan ons stel.

## 2.4.5 KUITERT SE ARGUMENTE TEEN 'TRADISIONELE' OPLOSSINGS TEN OPSIGTE VAN 'n DIREKTE SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK[12]

2.4.5.1 Volgens Kuitert maak die Christelike tradisie 'n onderskeid tussen gebooie wat sonder uitsondering geld en die wat met uitsondering geld (vergelyk 2.2.1 & Kuitert, 1970:69). In die verband verwys hy na die bergrede waar gebooie oor egskeiding tradisioneel sonder uitsondering geld, terwyl die oor eed en geweld met uitsondering geld. Douma (1975:45) wys daarop dat Kuitert hier op 'n heel biblisistiese wyse met die Skrif omgaan. Dit is nie die Christelike tradisie wat besluit het dat daar uitsonderings is ten opsigte van die verbod op doodslag en die eed nie, maar die Skrif stel dit self. Mattheus 5 mag nie los van die res van die Skrif gesien word nie (dit is biblisisme wat Kuitert juis wil bestry!), maar Skrif moet met Skrif vergelyk word (vergelyk 2.5).

---

[12] Op Robinson se argumente in die inleiding van 2.2 gestel, kan nie in besonderhede ingegaan word nie. Ten opsigte van sy siening van die verandering van die Christelike etiek deur die eeue, vergelyk 2.4.4.

In Mattheus 5:33 ev. leer Christus dat ons hoegenaamd nie moet sweer nie, maar dat ons 'ja' 'ja' moet wees en ons 'nee' 'nee'. Tog roep Paulus in Romeine 1:9 en in 2 Korinthiërs 1:23 God tot getuie, en waarborg God self sy seën met 'n eed (Hebreërs 6:17). Ook ten opsigte van doodslaan, maak die Skrif self 'n uitsondering. Terwyl Christus in Mattheus 5:21 die verbod op doodslag handhaaf, ken Romeine 13:4 aan die owerheid die swaard toe om die kwaaddoener te straf.

In weerwil daarvan dat Kuitert stel dat die verbod ten opsigte van egskeiding wat Christus in Mattheus 5:32 handhaaf, in die tradisie sonder uitsondering geld, gee hierdie selfde vers self 'n uitsondering op die verbod, naamlik hoerery (ontug). Dit blyk dus hieruit dat Kuitert se argument teen 'n direkte Skrifberoep as sou dit willekeurig self besluit of 'n Bybelse gebod met of sonder uitsonderings geld, nie opgaan nie. Ten opsigte van bogenoemde gevalle wat hy as voorbeelde gebruik, gee die Skrif self vir ons riglyne oor wanneer uitsonderings gemaak word.

2.4.5.2 Ten opsigte van Kuitert se kritiek op die onderskeid wat gemaak word tussen seremoniële en burgerlike wette aan die eenkant en sedelike of morele wette aan die ander kant, stel Douma (1975:43,44) dat die vroeëre protestantse eksegete hierdie onderskeiding tereg getrek het - nie as 'n verleentheidsargument soos wat dit uit Kuitert se betoog wil blyk nie, maar in respektering van hierdie "verouderde" bepalings waaruit God se wysheid, barmhartigheid en liefde vir sy volk blyk. Die Nuwe Testamentiese Christen is nie net losgemaak van sy binding aan die tempel van Israel nie, maar ook van die land Israel self. Hierdeur kan baie van die agrariese en burgerlike wetgewing van Israel nie meer direkte gesag in die lewe van die volk van God hê nie.

Hebreërs 8 sluit by Jeremia 31 aan as dit daarop wys dat die Ou Verbond in Christus deur 'n Nuwe Verbond vervang is. Die Ou Verbond dui hier nie op die Ou Testament of op die verbond met Abraham nie (vergelyk Floor, 1984b:31 ev. in hierdie verband), maar op die Sinaï-verbond (Hebreërs 8:9). Die Sinaï-verbond wat sterk visueel kulties-seremonieel was en spruit uit die 'kinderdae' van die volk van God, is dus met die koms van Christus vervang deur 'n nuwe verbond. Die Sinaï-verbond wat ingebou was in die Abraham-verbond om die verbondsverhouding te

reëel, is in die nuwe bedeling deur 'n nuwe verbondsverhouding tussen God en mens vervang (Hebreërs 8:10-12).

Douma wys verder daarop dat daar in sowel die Ou as die Nuwe Testament baie staan wat ons in 'n Christelike etiek nie hoef plek te gee nie. Maar hieruit kan die totaliteit van Bybelse gebooie nie gerelativeer word nie. Ons staan steeds onder gebooie van sowel die Ou as Nuwe Testament. Om te onderskei tussen hierdie gebooie stel Douma dan dat dit die taak is van ons as mondige Christene om te onderskei (alleen op die Skrif as hoogste gesag - HGS) waar dit op aankom (1975:43).

Om te verstaan welke Ou Testamentiese gebooie voltooi is in Christus se koms, moet ons ons vertrekpunt in die Bybel as Woord van God self neem. Hier tref ons 'n stygende openbaringslyn deur die Skrif aan. Terwyl byvoorbeeld die seremonies[13] van die Ou Testament na Christus toe wys, moet ons ons oë op die Nuwe Testament rig vir lig op wat Christus in die nuwe bedeling steeds van ons vereis. (Vergelyk Kolossense 2:16-23 wat sekere Ou Testamentiese instellings beskryf as "'n skaduwee van die toekomstige dinge".)

As dan na die briewe van Paulus gekyk word, dan val dit op dat terwyl die Ou Testament vir hom bindende gesag het, en hy duidelik en breedvoerig handel oor hoe die nuwe lewe van die Christen daar behoort uit te sien, siteer hy geen seremoniële wet wat steeds deur Christene onderhou moet word nie. Daarenteen verklaar hy dat niks opsigself onrein is nie (Romeine 14:14).(Vergelyk ook Handelinge 10.)

Wat die burgerlike wetgewing betref, verwys Kuitert na die verbod op die eet van bloed wat nie meer vandag deur Christene onderhou word nie, hoewel dit nie net in die Ou Testament nie, maar ook uitdruklik in Handelinge 15:20 verbied word (1970:70). Douma (1975:43) stel dat as hierdie teks buite konteks gelees word, dit beslis verwarring sal meebring. (Vergelyk die klem wat Lloyd-Jones (1981(II):196, 197) lê op

[13] Selfs die besnydenis as teken en seël van die Ou Verbond is in Christus vervul en het geen nut meer nie (Galasiërs 5:2).

kontekstuele eksegese.) Uit die konteks is dit baie duidelik dat hoewel die joodse binding aan die wet van Moses vir die heidenchristen afgewys word, liefde tog oorgangmaatreëls noodsaaklik maak. Ons sien dit ook wanneer Paulus Timotheus besny (Handelinge 16:3) terwyl hy self aan die Galasiërs skryf dat as hulle hul laat besny Christus vir hulle tot geen nut sal wees nie (Galasiërs 5:2). Grosheide (1950:23) stel dat hier van die heidenchristene 'n beperking gevra word, sodat dit vir die Joodchristene nie te swaar is om met die heidenchristene God te dien nie. Die eet van bloed is nie 'n wesentlike saak nie, en omdat dit probleme skep, is dit beter dat dit eerder vermy word.[14]

Hoewel daar vir die Nuwe Testamentiese gelowiges geen noodsaak meer is vir die nakoming van die voedselwette nie (vergelyk onder andere Handelinge 10:9-16 en 1 Korinthiërs 8), was dit in die eerste gemeente wat uit gelowiges sowel uit die heidendom as uit die Jodedom bestaan het, beter dat die heidengelowiges hulle "swakker broeders" onder die Joodsgelowiges in ag neem, ter wille van en op grond van die liefde en die eenheid in die gemeente. (Selfs die apostel Petrus het gesukkel om, in stryd met sy hele Joodse opvoeding, tot die insig te kom dat "wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie" (Handelinge 10:15).) Daarom stel Bruce (1954:311) dat Jakobus in hierdie vers (Handelinge 15:20) leer dat die heidengelowiges hulle Joodsgelowige broers se agtergrond moet respekteer, deur onder andere nie aanstoot te gee deur bloed te eet nie. Hierdeur word 'n belangrike struikelblok tussen Christene van Joodse en van heidense oorsprong uit die weg geruim. (Wanneer die Joodse seremoniële of burgerlike wette egter die afhanklikheid van die kruis en die eenheid van die gemeente bedreig, dan mág dit nie meer nagekom word nie (vergelyk Galasiërs 2:11-21).)

---

[14] Interessant dat "dinge wat deur afgode besoedel is" hier ook as 'n gevaar genoem word. Dit sluit die eet van vleis wat vir afgode geoffer is in. Paulus verbied dan ook later nie die eet van sodanige vleis nie, behalwe as dit tot struikelblok van 'n swakkere broeder is (1 Korinthiërs 8:9).

Teenoor die seremoniële en burgerlike wette wat, behalwe vir hulle morele kern, vandag nie meer geld nie, stel die Christelike tradisie volgens Kuitert dan die Tien Gebooie as kern van die wel geldende sedelike/morele wette (vergelyk 2.2.2 & Kuitert, 1970:73-74). Douma (1975:25) stel egter dat dit verkeerd is om te beweer dat Christus wel die einde van die seremoniële wette is, maar nie van die morele wette nie. Vir sodanige splitsing van die wet is daar geen grond in die Skrif, wat die wet as 'n geheel voorstel, nie. Vryheid van die wet is dan ook van begin tot einde 'n vryheid van die juk en van die vloek van die hele wet (Galsiërs 3), maar nie 'n vryheid van die verpligtinge van die wet nie (Douma, 1975: 26). Die eis van die wet bly, egter nie as seremoniële dade nie, maar as leefreëls vir vrye, dankbare, gehoorsame kinders van God.

Dat Christus die wet vervul het, beteken volgens De Bruyn (1976:4-6) nie dat gelowiges nou vry is van die wet en dit nie meer hoef te onderhou nie. Die wese of eintlike inhoud van die wet (liefde tot God en naaste) bly altyd dieselfde. Christus het ons nie van die wet bevry nie, maar van die vloek van die wet. Die seën van die wet word nog gehandhaaf, waardeur die mens bewaak en beskerm word, sodat hy nie deur Satan en die sonde oorrompel word en verdriet in sy lewe gebring word nie. Die wet bly heilig, regverdig en goed (Romeine 7:12).

Die gesag wat die Tien Gebooie vir die Nuwe Testamentiese gelowige het, bring Kuitert in diskrediet op grond daarvan dat die vierde gebod (oor die Sabbat) vandag nie meer geld nie (vergelyk 2.2.2 & Kuitert, 1970:73-74). Hierteenoor stel Douma (1975:29) dat die Dekaloog die besondere posisie wat dit in die Ou Testament beklee, in die Nuwe Testament behou. In Mattheus 19:18 ev. siteer Christus van die vyfde tot die negende gebod, in Romeine 13:8-10 haal Paulus die sesde tot agste, asook die tiende gebod aan terwyl Jakobus in Jakobus 2:11 die sesde en die sewende gebod siteer. Daar is volgens Douma (1975:29) geen enkele aanwysing dat die Tien Gebooie as gebooie geen direkte gesag vir die gemeente van Christus sou hê nie!

Teenoor bogenoemde, gebruik Kuitert een gebod (sabbatsgebod) om die normatiewe krag van die hele Tien Gebooie in diskrediet te bring. Douma stel dan (1975:29) dat ons nie vanuit een onduidelikheid ook dit wat vir ons duidelik in die Skrif geopenbaar is, van vraagtekens mag voorsien

nie. Dit is duidelik dat die Tien Gebooie nie afgeskaf is nie. Ook word 'n verskeidenheid van ander gebooie in die Nuwe Testament vir ons as gesagvol voorgehou. Daarom is dit voor die hand liggend dat ons ten opsigte van die vierde gebod ons vertrekpunt ook in die geldigheid daarvan neem.[15]

2.4.5.3 Die verskil wat die tradisie sou maak tussen gebooie wat God self uitdruklik gegee het en gebooie waar dit nie die geval is nie (vergelyk 2.2.3), as sou eersgenoemde alleen 'n direkte Skrifberoep regverdig, gaan nie op nie. As geglo word dat die hele Skrif deur God ingegee is (2 Timotheus 3:16), dan is elke gebod Gods Woord en is bogenoemde onderskeiding in stryd met die wese van die Skrif.

As Kuitert reg is dat die tradisionele gereformeerde hermeneutiek bloot "in" en "vanuit" die bestaande praktyk na die Bybelse gebooie gekom het (1970:74), dan is die oplossing daarvoor nie dat sodanige benadering bloot eerlik erken word (soos wat Kuitert maak as hy die gebooie afskaal tot voorbeelde) nie, maar dan eis dit juis van ons dat ons vanuit die Skrif reformerend ten opsigte van ons hermeneutiek te werk sal gaan, om so tot 'n Skrifgetroue Skrifberoep in die etiek te kom. Dat hierdie evaluasie ten opsigte van die gereformeerde hermeneutiek egter nie volkome juis is nie, dien in die lig van wat reeds hierbo gestel is geen verdere beredenering.

[15] Die sinode van Dordrecht (1618-1619) het ten opsigte van die sabbatsgebod 'n seremoniële en 'n morele kant onderskei. Onder laasgenoemde is verstaan dat daar 'n vasgestelde dag vir die godsdiens bestem is. Nadat die Sabbat van die Jode afgeskaf is, moet die Christene (soos ook die eerste Christene gedoen het - vergelyk Handelinge 20:7 en 1 Korinthiërs 16:2) die Sondag plegtig heilig (Douma, 1975:30). Die Sondag is as opstandingsdag van die Here gevier (vergelyk in die verband Van Wyk, 1981:2-4).

Waarop wel stilgestaan moet word, is Kuitert se klem op die sogenaamde "lex naturalis" (natuurlike sedewet) wat dan "onze vaderen" van volslae willekeur sou vrywaar het (1970:74). Teenoor die Skrif as hoogste norm stel Kuitert dus die natuurlike sedelikheid en sedelike wete van die mens wat hom op die pad hou. Nie die Skrif nie, maar die natuurlike goedheid van die mens bied dan die lig wat ons lewenspad verlig. Waarom gee God dan nog vir die mens die gebooie op Skrif as dit reeds deel van sy natuur is? So 'n standpunt verruil die kompas van die Skrif vir die verduisterde natuur van die mens en open die weg tot die wêreldmoraal waarvan ons in Openbaring 13:8 lees (vergelyk Douma se kritiek in die verband - 1975:35-37).

In verband met die natuurlike sedewet stel Calvyn (1978:150, 151) in sy 'Institusie' (II, 8, 1) dat eersug en selfliefde die mens so verblind, dat hy nie sy ellende ken en hom verootmoedig nie. "Daarom het die Here ons die geskrewe wet gegee om duidelik te getuig van die dinge wat in die natuurlike wet nog duister is." Op grond van Deutronomium 12:28, 32) stel Calvyn (II, 8, 5) dat wanneer die Here aan die mens volmaakte regverdigheid wil leer, Hy aan hom toon dat alleen gehoorsaamheid Hom behaag. Die mens daarenteen is geneig om vir hom 'n godsdiens uit te dink waardeur hy geregtigheid wil verkry buite die Woord van God om.

God eis daarom nie van die mens dankbare gehoorsaamheid aan die mens se "lex naturalis" nie, maar aan God se gebooie. Hiertoe mag die sondige mens nie op homself staatmaak nie, maar moet ons ons biddend, in afhanklikheid van God die Heilige Gees direk op Gods Woord beroep in ons hele (waaronder ook sedelike) lewe.

## 2.5 EVALUERING VAN KUITERT SE SIENING VAN 'n INDIREKTE SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

### 2.5.1 TYDGEBONDE OF TYDGERIG?

Teenoor die standpunt van Kuitert (vergelyk 2.3 & Kuitert, 1970:78-87) dat die Skrif ten opsigte van sy gebooie 'n tydgebonde karakter besit, stel ons saam met Coetzee et al. (1980:24 ev.) dat die Skrif nie

tydgebonde is nie, maar wel 'tydgerig'. Met hierdie standpunt stel Coetzee et al. hulle teen 'n biblisitiese interpretasie van Gods gebooie, sonder om in dieselfde vangstrik as Kuitert en andere te verval.

Volgens die standpunt moet 'n direkte beroep op die Skrif in die sin dat dit hier nou vir die leser van vandag binne sy kultuurmileu en spesifieke omstandighede geskryf, is afgewys word. So 'n standpunt hou nie rekening met die hermeneuse as belangrike stap in Skrifverklaring nie, naamlik dat dit wat die skrywer oorspronklik vir sy lesers gesê het en wou sê (dit wil sê die oorspronklike bedoeling van die teks), oorgebring moet word op die konkrete werklikheid van vandag. 'n Direkte beroep op die Skrif in die sin is ongeldig.

Aan die anderkant staan die standpunt van die tydgerigtheid van die Skrif ook teenoor die hedendaagse klem op die tydgebondenheid van die Skrif, as sou die Skrif "'n ou Boek in 'n nuwe wêreld" (die titel van W.S. Vorster se boek wat in 1977 verskyn het) wees. So 'n standpunt sorg juis in die etiek vir volslae relatiwisme of 'n situasie-etiek, waar elke individu dit wat in sy smaak val en hom pas uit die Skrif uithaal (iets waarvan Kuitert juis die tradisionele Christendom beskuldig).

Dit is (in aansluiting by Kuitert) van die uiterste belang dat vir 'n korrekte Skrifberoep in die etiek in gedagte gehou moet word dat elke Bybelse gebod 'n verband het met die tyd waarin dit tot mense gekom het, want "dit het die Here behaag om Hom juis nie botydelik, boaards te openbaar nie, maar in die tyd, in die geskiedenis. So vind die Skrifgebeure plaas in 'n ander tyd as ons eie, in 'n ander land, kultuur en samelewing; dit word geskryf in 'n ander taal as ons eie, 'n ander segswyse, idioom en gedagtepatrone; dikwels spreek dit van ander gewoontes en lewenstyle as ons eie" (Coetzee et al., 1980:25). (Vergelyk ook N.G. Kerk - Sinode Wes-Kaapland, 1980:20.)

Ons kan egter nie daarby volstaan dat die gebooie van God telkens tot spesifieke mense in 'n spesifieke historiese tydstip kom nie. As ons aanneem dat die Skrif die Woord van God is (soos Kuitert, 1969:8 ook sê hy doen), dan moet ons ook aanneem dat God dit so gewil het dat die gebooie in die Bybel opgeteken is. Daarom stel Coetzee et al. (1980:25)

met verwysing na artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis[16] dat die Woord van God wel VERBAND HOU met die tyd waarin dit gespreek is, maar nie aan die tyd GEBIND is nie: "Gods Woord is dus wel met die tyd verbind maar nie aan die tyd gebind nie."

Kuitert stel self dat hy sowel die onveranderlikheid van Gods wil, as die historiese gebondenheid van die Bybel tot sy reg wil laat kom wanneer hy in die etiek 'n beroep op die Skrif doen (1970:86). Al manier hoe hy in hierdie doel van hom kan slaag, is om God se onveranderlike wil soos ons dit in die Skrif vind, te verskraal tot blote voorbeeld vir die mens van vandag. Hierdeur kom hy in 'n voortdurende spanning tussen God se onveranderlike wil wat gehoorsaamheid eis en God se wil wat bloot as voorbeeld dien en saam met die tye en situasies verander.

Die enigste wyse waardeur die onveranderlikheid van Gods wil, soos in sy Woord geopenbaar, sy regmatige plek in die etiek ontvang, is as ingesien word dat die Skrif ditself nie as histories gebonde aandien nie, maar as histories gerig. Dan word die gebooie van God nie bepaal of medebepaal deur 'n 'snel veranderende samelewing' (Kuitert, 1970:80) nie, maar dan is dit die taak van etici om Gods gebooie te laat spreek in die konkrete problematiek van vandag. Dan is dit nie ons taak om die Heilige Skrif opnuut, vandag in die wêreld van die twintigste eeu verstaanbaar te maak nie (Kuitert, 1969:11-12), maar om die Woord van God self aan die woord te stel. Want dan is die Bybel nie die Christelike tradisie van mense van 1900 en 2000 jaar gelede wat in hulle terme oor God gespreek het nie (Kuitert, 1976:9), maar is dit die Heilige Skrif van God deur die Heilige Gees (organies) geïnspireerd. Die Bybelse gebooie is nie 'God se bedoeling VIR 'n bepaalde tyd' nie (Kuitert, 1970:86), maar 'God se bedoeling VIR die mensdom, weergegee IN 'n bepaalde tyd en situasie'.

---

[16] "... Daarom het God uit 'n besondere sorg wat Hy vir ons en ons saligheid het, aan sy knegte die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel ..."

2.5.2 VOORBEELD OF GEBOD?

Teenoor Kuitert wat die Bybelse gebooie bloot as voorbeeld of etiese modelle sien wat vandag geaktualiseer kan word, sien Douma (1975:28-29) tereg die gebooie as universeel geldig, wat vir Christene toe en nou ten volle geld. Vir die standpunt beroep Douma hom op die Skrif self en wel op die apostel Paulus wat nie net die universele geldigheid van die gebooie wat in sy briewe voorkom beklemtoon nie, (vergelyk Romeine 12:3 en 13:1; 1 Korinthiërs 16:2 en 4:17; 1 Thessalonisense 4:4), maar ook die aanwysings uit die Ou Testament (vergelyk 1 Korinthiërs 5:13; 9:9; 14:34) as gesagvol sien. Die gebod van God bevat dus onveranderlike en konkrete elemente, waarvoor Paulus terug kan gaan tot in die paradys en waarvan hy die geldigheid tot aan die einde van die dae veronderstel (Douma, 1975:41). Douma (1975:17) wys daarom daarop dat Kuitert se voorbeelde- of modelle-teorie op grond van die briewe van Paulus[17] reeds onhoudbaar blyk te wees.

Schippers (1955:150) wys daarop dat toe die duiwel Christus wou verlei met 'n teks (Mattheus 4), Christus nie afstand gedoen het van die beste wapen in die stryd met die duiwel nie, maar dat Hy hom telkens geantwoord het met "daar staan geskrywe". Hierdie gebeurtenis noop ons egter ook tot versigtigheid (en 'n Skriftuurlike hermeneutiek), want die vader van die leuen kan die Skrif misbruik om hom te dien.

Kuitert se optimistiese siening van die mens kom nie net in sy klem op die "lex naturalis" uit nie (vergelyk Douma (1975:20-22) se kritiek hierop), maar ook in die rol wat hy aan die mens toeken as ontsosialiseerder en herformuleerder van die Bybelse gebooie. In plaas daarvan dat die etikus God se Woord in die konkrete werklikheid van vandag moet laat spreek (soos Coetzee et al., 1980:19 stel), ken Kuitert aan hom die ereposisie toe van gespreksgenoot (welliswaar deur die leiding van die Gees) met die Skrif. Hierdie ereposisie kom die sondige

---

[17] Douma het Paulus gekies omdat hy een van die laaste Bybelskrywers is en omdat hy heelwat briewe nagelaat het waarin op allerlei vrae betreffende 'n Christelike lewe antwoord gegee word.

mens egter nie ten opsigte van die Woord van God toe nie. In die verband stel Douma (1975:22) "het vonnis over allen: 'Er is niemand, die doet wat goed is, zelfs niet één nie', moet ons waarschuwen, dat er onder de vernis-laag bij de mens zoveel scuil gaat, dat alleen een ethiek die aan de oppervlakte blijft kan jubelen."

Dit beteken egter nie dat die etiese insig van die nie-Christelike wêreld vir die Christendom volkome waardeloos is nie (Brillenburg Wurth, 1954:9), maar op die fundamentele punte sal die Christendom by die lig van die Bybelse openbaring, telkens weer sy eie weg gaan. Die fondament van alle "rechte ethiek" kan volgens Brillenburg Wurth alleen die "eeuwig blijvende Woord van God" wees. Hier lê juis die probleem van Kuitert wat die etiek net dinamies in 'n voortgaande gesprek, sonder vaste fondament, wil sien. Hierdeur word alle Bybelse woorde en formuleringe volgens Velema (1971:145) deur Kuitert gerelativeer, want dit verander telkens saam met die veranderende mens. Die mens kan hom dus nie op 'n Skrifwoord beroep nie, want elke waarheid word voor die eindstreep uitgespreek en is daarom onaf en veranderlik.

### 2.5.3 OPENBARING OF ERVARING?

Volgens Douma (1984:45) is die moderne hermeneutiek nie meer gerig daarop om (gelei deur Gods Gees) die Woord van God te begryp nie, maar dit is gerig op die selfverstaan van die mens. Dit gaan nie om die vraag wat die teks (in die verlede gestel en vandag nog geldend) presies sê nie, maar of 'ek' die teks so kan uitlê dat dit 'my' ráák. Dit het allerhande eksegetiese goëltoertjies by die moderne hermeneutiek tot gevolg, sodat die Skrif by die mens aangepas word, en nie die mens by die Skrif soos dit hoort nie. Deurdat hierdie hermeneutiek van die moderne mens na die Skrif gaan (en nie andersom nie), kan die Skrif nie meer krities teenoor die moderne mens aan die woord kom nie. Ten grondslag hieraan lê dan volgens Douma (1984:46) die oortuiging dat ons in die Skrif "geen goddelijke openbaring, maar religieuze menselijke ervaring" aantref.

Hier word die wortel van Kuitert se probleem ten opsigte van 'n indirekte beroep in die etiek aangesny, naamlik dat hy die 'ervaring' sien as vertrekpunt in Skrifverklaring, ten koste van 'openbaring'. In sy artikel 'Evidenz oder Krise des Ethischen' (1973:146) neem Kuitert sy uitgangspunt in die ervaring en stel dat mens geen Christen hoef te wees om te weet wat goed en kwaad is nie ('Evidenz des Ethischen'). In sy werk 'Suicide: wat is er tegen?' (1983:122) sluit Kuitert hierby aan en stel dat die Bybel nie onontbeerlik vir die moraal is nie. Ten opsigte van sy klem op ervaring sluit hy by Ebeling (1960:1-41) aan.

Op hierdie standpunt brei Kuitert in latere werke uit. In sy artikel 'Pluraliteit van moraal in de christelijke gemeente' (1981b:257) stel hy dat die moraal nie 'uit' die Christelike geloof afgelei is nie, maar dat Christene dit 'in' die Christelike geloof ingelyf het. Die voor-die-hand-liggendheid van die etiese maak dit daarom onnodig om dit in die openbaring te fundeer. In sy artikel oor 'De rol van de Bijbel in de protestants theologische etiek' (1981a:81) stel Kuitert dat ons vir ons kennis wat mag en nie mag nie, nie op die Bybel aangewese is nie. Die Bybel kan wel nog gebruik word in die sin dat daarin die grondbeginsels van die moraal teruggevind word, hoewel binne taal- en kultuurverband. Hy ontneem die Skrif sy geïnspireerde geldigheid en gesagvolheid as hy stel: "Wat moraal betreft, moet het erbij blijven dat de bijbel ons daarin de wijsheid van vorige generaties van gelovigen toont ...", en maak 'n Skrifberoep so kragteloos.

Velema (1983:32) wys op die diskrepansie in Kuitert se siening van die 'evidensie van die etiek'. As etiek 'evident' is dan dring dit dit op aan die mens, en kan die mens nie die subjek daarvan wees nie. Velema stel dan dat daar vanuit die Skrif alle rede is om te praat van die 'evidentie van norme'. Maar hierdie norme is gegewe, geopenbaarde norme! Van hierdie deur God geopenbaarde norme moet ons getuienis gee (1983:35) en nie van subjektiewe self-ervaarde norme nie.

## 2.6 'n SKRIFGETROUE SKRIFBEROEP IN DIE ETIEK

Die beperkte omvang van hierdie werkstuk laat net toe dat enkele kernmomente van 'n Skrifgetroue hermeneutiek vir 'n Skrifberoep in die

etiek kortliks aangeraak kan word. Die term 'Skrifgetroue' wil sê dat hier gesoek sal word na die wyse waarop die Skrif as Woord van God ditself aandien om gelees te word. As uitgangspunt hiervoor geld dat die hele Bybel die geïnspireerde Woord van God is en nie menslike godsdienstige nadenke oor God, wat mekaar kan weerspreek en wat die gesag van die Skrif in sy wese aantas nie.

## 2.6.1 DIE BYBEL AS ALTYD GELDENDE WOORD VAN GOD

Teenoor Kuitert wat klem lê op die tydgebondenheid van die Skrif, stel ons dat die Skrif ditself aandien as altyd geldende geïnspireerde Woord van God. (Vergelyk Floor, 1985:34 & Coetzee et al., 1980:22). In 'n artikel oor "Waarheid en verificatie in de Dogmatiek" stel Kuitert dat sowel die Bybelskrywers, as die Bybellesers en uitleggers deur hulle historiese konteks bepaald is, en met behulp van hierdie historiese konteks onder woorde bring wat hulle ervaar, gelees en verstaan het (1972:186-187). Om die rede kan dan ook nie van die Bybel as 'suprema iudex controversiarum' gespreek word nie, want ons ontmoet in die Bybel bloot die eerste getuies, wat in hul taal en binne hul horison hul godservaring en godsgeloof onder woorde bring. Hierdeur reduseer Kuitert die gesagvolle Woord van God tot bloot 'n histories BEPAALDE boek waarin mense hulle ervaring van God opgeteken het.

Hierteenoor vertrek ons van die geloofsuitgangspunt dat die Bybel die ewige en altyd geldende Woord van God is. Sonder die uitgangspunt kan die Skrif by 'n etikus nooit gesagvol tot sy reg kom nie, want die gesag van die Skrif lê slegs daarin dat dit God self is wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek (Coetzee et al., 1980:23) en 'n gehoorsame lewe eis. Kuitert tas die gesag van die Skrif in sy wese aan as hy aan die een kant stel dat die Bybel 'Woord van God' is (1969:8), maar aan die anderkant die Bybel sien as vrug van die 'Christelike tradisie van 1900 en 2000 jaar gelede' (1976:9). Slegs as die Bybel die ewige en altyd geldende geïnspireerde Woord van God is, kan in die etiek op die Skrif as 'suprema iudex controversiarum' (hoogste regter / finale gesag ten opsigte van verskilpunte) 'n beroep gedoen word. Tereg stel Lloyd-Jones dat daar net twee moontlikhede is (1977:211): Of ons aanvaar die Bybel

as Woord van God as enigste (finale) outoriteit in alle sake van geloof, óf ons vertrou (primêr) op menslike kennis en wetenskaplik insig.[18]

Wat die selfgetuienis van die Bybel dat dit gesagvol is, betref, wys Floor (1985:34) saam met Lloyd-Jones daarop dat die Bybel sy eie gesag met nadruk uitspreek. Uitdrukkings soos 'die Here het gespreek' of 'die Woord van die Here het gekom' kom meer as 3000 keer in die Ou Testament voor. Reeds is daarop gewys dat die Nuwe Testament die Goddelike gesag van die Ou Testament aanvaar (vergelyk Johannes 5:39; 10:35; Lukas 29:44; 2 Timotheus 3:16; 2 Petrus 1:20-21), en dat die Nuwe Testament dieselfde gesag as die Ou Testament het (vergelyk 2 Petrus 3:15-17). Die Bybel bestaan dus nie uit blote ervarings, insigte en voorskrifte van mense nie, maar is openbaring van God. As dit nie by die verklaring en toepassing van die Skrif in gedagte gehou word nie, verontreg ons die Bybel (Floor, 1985:38).

---

[18] Lloyd-Jones (1977:210) stel dat daar geen twyfel daaroor kan wees nie dat "all the troubles in the Church today, and most of the troubles in the world, are due to a departure from the authority of the Bible."

## 2.6.2 DIE DEURSIGTIGHEID VAN DIE SKRIF

Geen normale skrywer skryf om nie verstaan te word nie. As dit vir ons as mense geld, hoeveel te meer geld dit vir God die Heilige Gees wat as eintlike outeur die Bybelskrywers geïnspireer het. Coetzee et al. (1985:23) wys daarop dat dit juis 'n kenmerk van die reformasie was dat teenoor Rome se siening van die duisterheid van die Skrif, die duidelikheid ("perspicuitas") van die Skrif geleer is. Slegs as ons van hierdie beginsel uitgaan, kan die Woord (ook in die etiek) 'n lig op ons pad wees (Psalm 119:105).

Tog praat Calvyn van die gawe van die uitleg van die Skrif (1979:48). Die vermoë om die Heilige Skrif te verklaar, is 'n gawe, 'n geskenk van ons hoogste en enigste Leermeester Christus. Deur sy Heilige Gees leer Christus ons om God se Woord te verstaan (Floor, 1980:13). Die Gees van God lei in die waarheid. Omdat die menslike vertolker egter so maklik sy eie klein waarheid kan verruil vir die waarheid van God, "is het beroep op de Schrift een gebeuren, dat slechts in deemoed en zelfverloochening kan plaatsvinden" (Bijlsma, 1964:249). By Kuitert vervaag egter volgens Meijers (1970:19) die grense tussen die Heilige Gees (Wie die Skrifte open) en die menslike gees. Dit lyk of die geloof wat 'vrymaak' vir Kuitert ons vrymaak van die Bybel. Die weg van die menslike gees loop dan parallel met die van die Heilige Gees. (Vergelyk ook Kuitert (1968:57-52) se antwoord aan Valkenburg (1968:51-52) ten opsigte van die verhouding Heilige Gees en Bybelskrywers.)

Die Bybelse boodskap kan hierenteen egter alleen begryp word deur hulle wat biddend verlang om dit te verstaan.[19] Tereg stel Coetzee et al. (1980:24) teenoor die moderne hermeneute (waarby Kuitert seker ingesluit kan word) dat om die Bybel te verstaan 'n gawe is wat alleen op die knieë

---

[19] In die uitgawe van die N.G. Kerk - Sinode Wes-Kaapland oor 'die Skrifberoep in etiese vrae' sluit die opstellers af daarmee dat omdat die leiding van die Heilige Gees onontbeerlik is vir omgang met die Skrif, voortdurende gebed nodig is om te kan onderskei waar dit op aankom (1980:21).

verkry kan word, of glad nie. Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg om op grond van die Skrif 'n Christelike etiek uit te werk nie, maar beklemtoon juis die belang van 'n etiek biddend en direk gegrondves op die Woord van God.[20]

### 2.6.3 SKRIF MET SKRIF VERGELYKING

Jonker (ongedateerd b:3) stel tereg dat die Skrif alleen reg verstaan kan word as gelowig die pretensie van die Skrif aanvaar word dat dit die onfeilbare Woord van God is wat 'n bepaalde boodskap wil bring. "Dit impliseer dat die Skrif as kanon 'n eenheid is met 'n boodskap wat alleen verstaan kan word as elke woord van die Bybel gelees word in die lig van die geheel." Coetzee et al. (1980:27) wys daarop dat dit "één God is wat deur sy één Woord (of Seun) onder inspirasie van sy één Gees sy Woord spreek!" Juis op grond van hierdie eenheid van die Skrif is Skrif-met-Skrif-vergelyking vir 'n Christelike etiek, nie net moontlik nie, maar ook noodsaaklik! As nie aan die eenheid van die Skrif vasgehou word nie, maar as die Bybel, byvoorbeeld soos Kuitert gesien word as verskillende skrywers se "historisch bepaalde manier van spreken over een aan de historie zelf opgedane ervaring van God" (1976:9), dan is 'n beroep op die Skrif vir die etiek onmoontlik. Dan kan hoogstens op "'n" bybelskrywer 'n beroep gedoen word wat "sy" menslike ervaring van God weergegee het. En dan kan tereg die vraag afgevra word of daar nie ander outoriteite vandag is wat die etiese probleme van vandag beter in

---

[20] Pragtig stel Calvyn (1978:219-220 / Institusie: III, 2, 34) dat om die Woord van God te verstaan, moet daar van eie insig afstand gedoen word en gelowig soos kindertjies geword word. "Die Woord van God is wel soos die son wat almal bestraal aan wie dit verkondig word. Dit dra egter geen vrug by blindes nie. In hierdie opsig is ons almal blind. Daarom kan die Woord nie in ons hart indring as die Heilige Gees nie deur inwendige verligting die toegang berei nie." Vergelyk ook Coetzee et al. (1985:29-30) oor 'die Heilige Gees as inspirator en eksegeet.

oënskou kan neem as 'n visserman soos Petrus of 'n fariseër soos Paulus nie.

Op grond van bogenoemde (die Skrif is die Woord van één God) moet ons die Bybel en sy gebooie as 'n organiese geheel benader. Dit hou verskillende implikasies vir 'n Skrifgetroue Skrifberoep in die etiek in:

In die eerste plek moet begin word met die goue reël van Gereformeerde Skrifverklaring: 'Die Heilige Skrif is vir homself sy eie uitlegger' ('Sacra Scriptura sui ipsius interpres'). Hieruit volg dat Skrif met Skrif vergelyk moet word, sodat 'n teks van die Bybel nooit so verklaar word dat dit in stryd met ander dele van die Bybel is nie (Lloyd-Jones, 1981:284). Moeiliker verstaanbare dele en opdragte moet in die lig van die makliker gedeeltes wat oor die saak handel verklaar word; onduideliker uitsprake in die lig van duideliker uitsprake; meer kursoriese uitsprake in die lig van uitgebreider uitsprake; en meer prakties gerigte uitsprake in die lig van meer prisipiële uitsprake (Coetzee et al., 1980:29). Daarby moet met die openbaringshistoriese plek en situasie van 'n teks rekening gehou word, want dit het "God behaag om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis al duideliker te openbaar". Daarom is "die latere woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande!" (Coetzee et al., 1980:28). Daar is dus nie net 'n vaste kant in Gods Woordopenbaring nie, maar ook 'n dinamiese kant in die sin van voortgaande openbaring. (Oor die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament ten opsigte van voortgaande openbaring vergelyk 2.4.2. Oor die verhouding van die vaste (blywende) en die dinamiese (situatiewe) vergelyk Jonker, ongedateerd b:4.)

'n Tweede implikasie wat die eenheid van die Skrif as Woord van God vir die etiek inhou, is dat nie op 'n wettisistiese, atomistiese wyse tekste buite hulle verband aangehaal mag word nie (Jonker, ongedateerd b:3-4). Die wil van God vir ons lewe kan nie net uit losstaande gebooie afgelei word nie, maar rus in die totaliteit van die verhouding tussen God en mens soos in die Skrif geopenbaar. Daarom lê Lloyd-Jones so sterk klem op die konteks waarbinne die teks staan. Hier wys hy nie net na die onmiddellike konteks van die teks nie, maar die hele Bybel moet uiteindelik by eksegese en hermeneuse ook as 'n konteks funksioneer

(1981a:284). (Vergelyk in die verband Floor (1985:50-56) se ontleding van Lloyd-Jones se kontekstuele eksegese.)

### 2.6.4 INDIKATIEF EN IMPERATIEF

Jonker (Ongedateerd b:3) beklemtoon dit dat die wet nooit teenoor die evangelie verselfstandig mag word nie. In die opsig is dit belangrik om te sien dat in die Skrif altyd die imperatief (bevel) van die gebod van God ingebed is in die indikatief van die dade van God in skepping en herskepping. (Vergelyk ook Coetzee, 1984:18-28.)

## 3. GEVOLGTREKKING

Op grond van die bevindinge hierbo gestel, kan tot die volgende gevolgtrekkings gekom word ten opsigte van Kuitert se siening van Skrifberoep in die etiek:

- Kuitert se argumentasie teen 'n direkte Skrifberoep in die etiek en 'tradisionele' oplossings in die etiek is geensins genoegsaam om 'n direkte Skrifberoep in die etiek as nie moontlik te bewys nie.

- 'n Direkte beroep op die Skrif in tradisionele sin, hoef nie tot 'n willekeurige verbloemde situasie-etiek aanleiding te gee nie, maar bied juis die Skriftuurlike weg waarop in die etiek op die Skrif as gesagvolle Woord 'n beroep gedoen kan word en moet word as 'suprema iudex controversiarum'.

- Kuitert se siening van die Skrif as neergeskrewe menslike ervaringe van God, breek die gesagvolheid van die Skrif af en maak 'n beroep op die Skrif in die etiek IRRELEVANT.

- Kuitert slaag nie met sy indirekte Skrifberoep in sy doel om sowel die onveranderlikheid van Gods wil, as die historiese gebondenheid van Gods Woord, tot hulle reg te laat kom nie. Omdat hy nie van die tydsgerigtheid van Gods gebod uitgaan nie, maar wel van die

tydsgebondenheid, moet hy God se onveranderlike wil verskraal tot blote voorbeeld vir die etiek van vandag.

- Deur die ereposisie wat Kuitert aan die mens toeken as gelyke gespreksgenoot met die Skrif (bestaande uit menslike ervarings) maak Kuitert juis die weg oop vir willekeur en relatiwisme in die etiek (iets waarvan hy die tradisionele gereformeerde etiek beskuldig).

- Om tot 'n korrekte wyse van Skrifberoep te kom, moet die hermeneutiese model wat die Skrif ons self bied gevolg word. So 'n Skriftuurlike model gaan onder andere uit van die eenheid van die Skrif (wat Skrif-met-Skrif-vergelyking 'n eis maak); die tydsgerigtheid van die Skrif; die gesagvolheid van die Skrif; die deursigtigheid van die Skrif; die genoegsaamheid van die Skrif; en die geïnspireerdheid van die altyd geldende Woord van God.

## BIBLIOGRAFIE

BEGEMANN, H. 1960. Strukturwandel der Familie. Hamburg.

BIJLSMA, R. 1964. Schriftgezag en Schriftgebruik. Nijkerk : G.F. Callenbach N.V.

BRILLENBURG WURTH, G. 1954. Christelijke Zedeleer. Groningen : J.B. Wolters.

BRUCE, F.F. 1954. Commentary on the book of the Acts. London : Marshall, Morgan & Scott, ltd.

BULTMANN, R. 1969. Faith and understanding. London : SCM Press ltd.

BUYS, P.W. 1976. Die botsing van pligte as etiese vraagstuk. Potchefstroom : PU vir CHO.

BUYS, P.W. Ongedateerd. Skrifberoep in die etiek. Potchefstroom : PU vir CHO. - ongepubliseerd.

CALVYN, J. 1978. Institusie, of Onderwysing in die Christelike Godsdiens (Vertaal en verkort deur A. Duvenage). Pretoria : N.G.Kerk boekhandel Tvl.

CALVYN, J. 1979. Commentaries on the prophet Daniel, II. Grand Rapids : Baker Book House.

COETZEE, J.C. 1979. 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld of 'n nuwe Boek in 'n ou wêreld? (IN In die Skriflig, 13 (49).).

COETZEE, J.C. 1984. Drie wesenlike elemente van egte prediking - Indikatief, Imperatief EN Belofte (IN God aan die Woord. Potchefstroom : PU vir CHO).

COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J., FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. (IN Koers, 45 (1):18-36).

DE BRUYN, P.J. 1976. God se tien bakens vir die lewe van die mens. Potchefstroom : Pro Rege.

DE BRUYN, P.J. 1977. Die plek van die mens in die etiek van H.M. Kuitert. Potchefstroom : PU vir CHO.

DOUMA, J. 1975. Voorbeeld of gebod? Amsterdam : Uitgeverij Ton Bolland.

DOUMA, J. 1982. Echtscheiding. Amsterdam : Uitgeverij Ton Bolland.

DOUMA, J. 1984. Verantwoord handelen. Kampen : Uitgeverij Van den Berg.

EBELING, G. 1969. Wort und Glaube, II. Tubingen.

FLOOR, L. 1980. Die hermeneutiek van Calvyn (IN In die Skriflig. 14 (55):13-20).

FLOOR, L. 1984. Die Skrif en wetenskap. (IN Wetenskap Woord. Potchefstroom : PU vir CHO).

FLOOR, L. 1984b. Die verhouding van Ou en Nuwe Testament. (In U lig en U waarheid. Potchefstroom : PU vir CHO).

FLOOR, L. Ongedateerd a. Eksegese en prediking by Paulus. Potchefstroom : Ongepubliseerde klasdiktaat, PU vir CHO.

FLOOR, L. Ongedateerd b. Skrifgeloof en Skrifgebruik. Potchefstroom: Ongepubliseerde klasdiktaat, PU vir CHO.

GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND; Deputaten Kerk en Theologie. 1982. Rapport over gebruik van Schriftgegevens bij vragen rondom Homofilie. Bentheim: Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland.

GOUDZWAARD, B. 1980. Calvyn se etiek van die sosiaal-ekonomiese lewe. Potchefstroom: I.B.C.

GROSHEIDE, F.W. 1950. Korte Verklaring: Handelinge II. Kampen : J.H. Kok N.V.

HEYNS, J.A. 1982. Teologiese Etiek; deel 1. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

HILLERDAL, G. 1963. Kirche und Sozialethik. Gerd Mohn : Gütersloher Verlagshaus.

JACOBS, P. 1959. Grundlinien Christlicher Ethik. Witten : Luther-verlag.

JONKER, W.D. Ongedateerd a. Hoe gebruik ek die Bybel. Stellenbosch : Universiteit - Ongepubliseerd.

JONKER, W.D. Ongedateerd b. Skrifberoep in die etiek. Stellenbosch : Universiteit - Ongepubliseerd.

KUITERT, H.M. 1967. De mensvormigheid Gods. Kampen : J.H. Kok N.V.

KUITERT, H.M. 1969. Verstaat gij wat gij leest. Kampen : J.H. Kok N.V.

KUITERT, H.M. 1970. Anders gezegd. Kampen : J.H. Kok.

KUITERT, H.M. 1973. Evidenz oder Krise des Ethischen? (IN Bakker, J.T. et al.. Septuagesimo anno. Kampen : J.H. Kok N.V.).

KUITERT, H.M. 1974. Zonder geloof vaart niemand wel. Baarn : Ten Have b.v.

KUITERT, H.M. 1976. Kerkinformatie van de Gereformeerde kerken in Nederland. Leusden : Algemeen kerkelijk Bureau.

KUITERT, H.M. 1977. Wat heet geloven? Baarn : Ten Have.

KUITERT, H.M. 1981a. De rol van de Bijbel in de protestantse theologische ethiek (IN Gereformeerd theologisch tijdschrift, 81:65-82).

KUITERT, H.M. 1981b. Pluraliteit van moraal in de Christelijke gemeente (IN Vlijm, J.M. (red). Geloofsmanieren. Kampen : J.H. Kok N.V.)

KUITERT, H.M. 1981c. Een gewenste dood. Baarn : Ten Have b.v.

KUITERT, H.M. 1983. Suicide: Wat is er tegen? Baarn : Ten Have b.v.

LEHMANN, P. 1963. Ethics in a Christian Context. London.

LLOYD-JONES, D.M. 1981. Studies in the Sermon on the Mount I & II. Grand Rapids.

LOUW, D.J. 1980. Die Bybel en Homoseksualiteit (IN Joubert, D. et al.. Perspektiewe op Homoseksualiteit. Durbanville : Uitgewery Boschendal.

MEIJERS, S. 1970. Verstaat we Kuitert als we hem lezen? Amsterdam : N.V. v/h Buijten & Schipperheijn.

N.G. KERK - SINODE WES-KAAPLAND: Sinodale kommissie vir leer en aktuele sake. 1980. Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in etiese vrae. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

RIDDERBOS, H. 1967. Commentaar Pastorale Brieven. Kampen : J.H. Kok N.V.

ROBINSON, J.A.T. 1965. Verschuiving in de moraal? Amsterdam : W. ten Have N.V.

ROTHUIZEN, G.Th. 1964. Tweeërlei ethiek bij Calvijn. Kampen : J.H. Kok N.V.

RUNIA, K. 1976. Vragen van deze tijd. Kampen : J.H. Kok N.V.

SCHIPPERS, R. 1955. De Gereformeerde Zede. Kampen : J.H. Kok N.V.

SCHRAGE, W. 1961. Die konkreten Einzelgebote in der paulinischen Paranese. Gerd Mohn : Gütersloher verslagshaus.

SCHULZE, L.F. 1981. Teologie in stroomversnelling. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en Rigting I. Kaapstad : Tafelberg-uitgewers.

VALKENBURG, R. 1968. Haring of Kuit. Kampen : J.H. Kok N.V.

VAN DEN BERG, J.H. 1981. Homoseksualiteit: Siekte of sonde? Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. 1981. Sondagsport - Wat sê die Bybel? Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. 1983. Die oorlogsvraagstuk - 'n oriëntasie. (In Navolging van Christus vandag. Potchefstroom : PU vir CHO).

VELEMA, W.H. 1971. Aangepaste theologie. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

VELEMA, W.H. 1983. Hoe Christelijk is de Christelijke ethiek? Kampen : J.H. Kok.

VISEE, G. 1969. Verstaat prof. Kuitert wat hij leest? Barendrecht : Firma Wesdijk & Liebeek.

VORSTER, W.S. 1977. 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld; gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament. Pretoria : UNISA.

WILDER, A.N. 1966. Kerygma, Eschatology, and Social Ethics. Philadelphia : Fortress Press.